Die Onveranderlike God Wat Op'n Onverwagse Manier Werk

Glo net, glo net, Alles is moontlik, glo net.

2 Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig vir gebed. So bly om by julle te wees vanaand. En die eerste ding wat ons nou wil doen, is om te praat met die Een wat ons kom sien het, die Here Jesus. Kom ons bid.

3 Ons Hemelse Vader, ons beskou hierdie as so 'n groot voorreg om vanaand in hierdie kerkie te wees, in die diens van U geliefde Seun, die Here Jesus, ons Verlosser. Ons dank U soveel vir die genade wat Hy vir ons gegee het, deur Sy Bloed uit te stort, dat ons, die onreines, gereinig mag word deur Sy groot Versoeningsoffer.

4 Ons bid vir die Kerk universeel, oral, vir elke lidmaat, elke pastoor. Ons bid veral vir hierdie kerk en sy pastoor, vanaand, en die kuddetjie wat hier vertoef in hierdie deel van die stad. As lidmate van die Liggaam van Christus, bid ons dat U hulle sal seën, Here. Seën die diakens, die trustees. En dis so 'n voorreg om te kom, vanaand, om in die gemeenskap te deel, Here, wat ons in hierdie gemeenskaplike grond het deur Christus.

5 Nou, Here, bid ons dat U vanaand elke persoon hier sal red wat nie gered is nie. En genees elke siek persoon wat siek is. En vul met die Heilige Gees diegene wat honger en dors daarna. Wees in die Woord, vanaand, Here, en was ons deur die water van die Woord, soos ons verder wag. In die Naam van die Here Jesus, vra ons dit. Amen.

Mag maar sit.

6 Gegroet Broer Searles, en die kudde van die Here wat vertoef in hierdie buitewyk van die stad. So bly om vanaand hier te wees, om hierdie tyd van gemeenskap met julle te deel, my geliefde vriende. En ek sien baie staan. Ons vertrou net dat ons nie baie lank sal wees nie, 'n Boodskappie van die Here, en hoofsaaklik 'n tyd om bymekaar te kom. En ek neem aan ek het broer al voorheen iewers ontmoet, iewers. En ek het geweet ek het sy gesig geken, maar die naam klink bekend vir my.

7 En so ons, almal van een yslike groot leër van God se soldate, wat voortmarsjeer na die finale oorwinning aan die einde van die

pad. En aan julle Christene wat hier is, in die reis, mag die vrede van God op julle rus.

8 En ek vertrou dat God hierdie kerkie sal seën. En mag dit groei tot 'n yslike, groot kerk hier, al die lidmate gevul word met die Heilige Gees; en so gehoorsaam aan die Gees, dat sonde nie eers kan inkom by die deure, sonder om uitgeroep te word deur die Heilige Gees nie. Dis die tipe kerk waarna ons soek, en waarna ons strewe om te hê. Ek glo dat daardie dinge moontlik is.

9 En dis nou waarskynlik, ook, dat as ons onsself net onderwerp aan God, en na Sy Woord luister, en aan Jesus glo met ons hele hart, glo ek dat daar 'n Kerk sal kom dat waar daardie dinge sal plaasvind. Ek weet dit sou die honger in—in elke prediker se hart wees, om in 'n kerk in te kom wat net so gevul is met die Teenwoordigheid van God, en—en almal net so in harmonie met die Gees, totdat daar geen sonde sal wees, nie een lidmaat 'n sonde sou kon doen nie. Net sodra hulle daar inloop, sou hulle beter geweet het as om in die teenwoordigheid van daardie kerk in te kom, met daardie sonde op hulle lewe. Die Heilige Gees sou dit net reguit uitroep, net daar, en sê: "*Dit* is wat dit is." Nou, daar's hoe ons moet wees, vriende. Dis die soort kerk. En ons streef daarna, broers, nie waar nie? [Die broers sê: "Amen."—Red.] Ons streef almal na daardie ding, en ons hoop en vertrou.

10 En my doel hier in Phoenix, is om by die Christen Sakemanne te wees by die konvensie. Hulle was so gaaf, Broer Williams hier, om na al hierdie klomp gawe broers, na die verskillende organisasies, ensovoorts, toe te gaan. En die kerkies dwarsdeur die land hier, en julle broers, was so gaaf om my in te bring, om hierdie gemeenskap met julle te hê. Ek's so bly daaroor, want ek hou regtig baie van gemeenskap met my broers. Ek dink Jesus het gesê: "Dis hoe al die mense sal weet dat julle My dissipels is," julle weet, wanneer—wanneer Sy liefde gemeenskap hou met mekaar.

11 Ons het nou drie nagte gehad. En gisteraand was ons onder na Broer Outlaw se kerk toe gewees, en het 'n wonderlike tyd daar gehad, en bo by Tempe. En toe hier oorkant na . . . Ek—ek is omgedraai, en ek weet nie waar ek is nie. Hier oorkant, iewers, agter in—in Phoenix-wes was ons, die eerste aand. En môre-oggend, dink ek, om tienuur, is by Broer Fuller.

12 En môre-aand is by die Geloof Tempel op die Indiaanse Weg, glo ek, of Indiaanse Skoolweg, of iets. Ek's heeltemal deurmekaar. Wat is dit? [Iemand sê: "McDowell Weg."—Red.] McDowell? ["McDowell Weg."] McDowell Weg. Die Geloof Tabernakel in McDowell Weg. O, goeiste! Indiaanse Skoolweg. Is dit nie iets nie? Is dit Gólgota . . . ? ["Gemeenskap Tabernakel."]

Gemeenskap Tabernakel. Ek's heeltemal deurmekaar. Ek het Billy vir my hoor sê, oppad, nou: "Gemeenskap Tabernakel."

13 En, maar nou, julle mense by julle . . . hier op julle pos, is môre-oggend en môre-aand. Onthou dit. Ons kuier net hier. Ons wil nie hê julle moet van een kerk na 'n ander gaan nie. Ons sal mekaar weer volgende week sien, julle sien, en gemeenskap hou. Maar julle moet op julle pos wees by julle kerk. Ek glo elke Christen moet op sy pos wees op daardie tyd.

14 So ek het met 'n broer hier gepraat vandag, Broer Sharritt, 'n kosbare vriend van ons almal, vir wie almal van ons ken, John Sharritt, net 'n—'n prins van 'n man. En hy het gesê: "Broer Branham, ek het jou dikwels hoor sê jy gaan eendag na die Weste toe kom, om hier te kom bly."

15 En ek het gesê: "Ja, die laaste band wat my met die ooste verbind het, is nou weg: my ma. En sy het heengegaan na Jesus, 'n paar dae gelede. En my vrou se ma is ook al weg."

16 So dit is waar, ons soek 'n plek om te bly. En—en as ons miskien naby Tucson, Phoenix sou land, die Here ons hiernatoe sou lei, sou ek nooit 'n kerk wil begin nie. Nee, meneer. Ek sal dit nie doen nie. Maar ek sou . . . Ek's 'n sendeling. En dan, wanneer ek inkom, sou ek graag wou gaan van kerk tot kerk, met 'n gemeenskap soos daardie. En hê 'n . . .

17 Ek dink julle het 'n paar goeie kerke hier. En ons net . . . Ons het baie kerke. Ons het net nodig om hulle vol te maak, en hulle te vul. Dis al. Dis wat ons nodig het. Ja. Ons doen dit net—net, want wanneer 'n persoon 'n nuwe kerk begin, as dit is in waar ook al dit is, dan, sien, sal dit noodwendig 'n bietjie hier en daar trek. En dis nie die—die ding om te doen nie.

18 So as die Here my sou lei, wil ek hê die broers moet weet dat dit nie sal wees vir nog 'n kerk nie. Ek sal dit net glad nie doen nie. Sien? Dit sou net wees om hiernatoe te kom om gemeenskap te hou met elkeen van julle, almal, en 'n wonderlike tyd in die Here te hê.

19 Nou, dan, moenie die Sakemanne vergeet nie, die Volle Evangelie Sakemanne. Hierdie manne is saamgestel uit al julle kerke. En die gemeenskap begin volgende Donderdagaand, dink ek. Is dit reg, Broer Williams? By, bo by die Ramada in Van Buren Straat oos. En nou, daar gaan 'n paar groot sprekers daar wees wat na hierdie byeenkoms toe gaan kom. En ek—ek wil dit beslis self bywoon, om na daardie mense te luister. Broer Velmer Gardner, vir een, wat 'n besondere spreker is, en baie van die ander broers. Party van die sakemanne wat ek nog nooit gehoor het nie, wat hulle sê, net wonderlike sprekers is. En ek's so bly om na hulle te luister, of vir die geleentheid om na hulle te luister. So ons verwag om julle almal daarbo te ontmoet.

20 En dan, as die Here wil, dink ek, as dit so uitwerk, sal ek die Saterdagoggend ontbyt hou, en preek by die ontbyt. En dan, glo

ek, die volgende Sondagmiddag, by die middagbyeenkoms. En ek hoop om julle dan daar te ontmoet, al julle dierbare mense.

21 Nou, ek wil nie hê dat julle so lank moet staan nie, want julle kom vanaand vroeg uit. Want, ons behoort teen twaalf of een uit te wees, sodat julle kan terugkom Sondagskool toe in die oggend. Ons sal nie dit doen nie. Ons . . . Hierdie tolk hier het gesê: "Dis geen verskoning nie." Die mense daar, en ek het 'n glimlaggie oor die man se gesig sien kom. Nee. Ons sal nou gou maak, net vir 'n paar woorde van meditasie oor die Woord. En ek reken, ek is soort van 'n langdradige prediker.

22 En toe ek onder my Pinksterbroers beland het, jare gelede, toe ek net die eerste keer gekom het, die Baptiste kerk, het ek altyd gedink dat ek 'n regte prediker is, julle weet, die Bybel onder my arm gedra. En eendag het ek onder die Pinkstermense beland, en 'n Eerw. Mnr. Daugherty, ek het gegaan om hom te hoor preek. Goeiste, hy het gepreek tot hy uitasem was, sy knieë geknak het, en sy asem geskep het. Jy kon hom omtrent twee straatblokke ver hoor. Weer opgekom, verder gepreek. Toe was ek was versigtig wat ek van my gesê het.

23 Ek kom net aan, en moet soort van stadig gaan. En ek's 'n Suiderling, om mee te begin, en stadig om mee te begin, en altyd laat. En so wees net geduldig met my vir 'n paar minute, en ek sal opskud so gou as wat ek kan.

24 Maar ek vertrou dat die Here ons 'n ietsie sal gee hier rondom Sy Woord, dat dit ons sal help om nader aan Hom te kom.

25 Nou, oorkant in Maléagi, die 3de hoofstuk, en die eerste fase van die 6de vers, wil ek 'n lesing neem.

Want Ek, die HERE, *het nie verander nie;* . . .

26 Ek wil 'n onderwerpie neem, as dit die Here sou behaag, naamlik: "Die onveranderlike God werk op 'n onverwagse manier." *Die Onveranderlike God Wat Op 'n Onverwagse Manier Werk*.

27 Nou, ons lewe in 'n veranderende tyd. Alles verander. Net alles waarna jy kan kyk en sien met jou oë, kom uit die aarde, en dis materiaal, en dit begin verander.

28 'n Paar dae gelede, toe ek die eerste keer na Phoenix toe gekom het, ek . . . My eerste besoek aan Phoenix was vyf-en-dertig jaar gelede, hierdie komende September. En ek het buite in die woestyn gebly, by 16de en Henshaw. En ek het soontoe gegaan, en hulle . . . die huis is weg. Daar's 'n vulstasie, en die stad sit daar. En die pad is ook verander van Henshaw na—na Buckeye Weg. Wel, daar sou geen manier wees om dit te vind, as jy net sou rondvra nie. En dit het gebeur in vyf-en-dertig jaar. Alles is so anders.

29 Ek onthou om uit te gaan na waar die groot Soutrivier Vallei projek is . . . ek en 'n jong kêrel op perde, wat 'n paar donkies

gejaag het. Nou, is dit 'n park daaronder. So Phoenix het gegroei van berg tot berg. Dit het oor die land gevul, en dis 'n . . . Dit het 'n groot verandering gehad. Jy sou skaars jou pad vind. Toe ek hier gekom het, ek dink die bevolking was toe omtrent vyf-en-dertig of veertigduisend mense. Vandag is dit 'n halfmiljoen. Hoedat hierdie plek verander het, dit wys dit gaan reguit saam met die tye. Dit verander net soos wat die tye verander. Phoenix verander. Ander plekke verander.

30 Dan weet ons ook dat paaie, het ek opgelet, dit het verander. Die paaie waarmee jy altyd ingekom het, kom jy nie meer nie. Hulle is nie meer daar nie. Hulle gaan iewers anders heen. Jy die paadjie probeer volg waarmee jy altyd ingekom het, verdwaal jy, gaan jy iewers uit in die woestyn. So die paaie het verander. Die stede verander. En die politiek het verander. Hulle verander die heeltyd, jaar na jaar. Politiek verander. En nasies verander. Die nasies, verander jaar na jaar. Hulle verander hulle gesindheid. Hulle verander hulle program.

31 En ek let op die tonele verander, soos die plekke. Hulle kap die bome af. Hulle breek die berg af.

32 En hulle onder in Florida, hulle gaan uit . . . Jy gaan af en gaan langs die kus af, en, eerste keer wat jy afgaan soontoe, is daar niks nie, net kuswater. Die volgende keer, het hulle al klaar 'n eiland daarbuite iewers gemaak, en groot nuwe huise daarop gebou. Maak mensgemaakte eilande, sit 'n groot pomp onderin die see en trek die water op en spuit dit boontoe, en maak dit gelyk met stootskrapers en goed, en plant 'n stad daar bo-op, met 'n paar huise, maak eilande.

33 Blaas die bokant van die berg weg hierbuite, waar, lyk asof, skaars 'n konyn na toe sou gaan. En hulle het—hulle het huise daarbo, wat 'n honderdduisend dollar werd is. Tonele verander.

34 En ons let op, mense verander. Dit het so geword dat mense vandag nie meer so vriendelik is as wat hulle altyd was nie. Ek weet nie of julle dit hierbuite oplet of nie, maar ons let dit beslis op agter in die Suide en Ooste. Mense verander, jaar na jaar. Hulle is te haastig. Hulle moet net opskud en *hierdie* gedoen kry. En gaan in die pad af, negentig myl per uur, buffer-teen-buffer, en stop in 'n bierkroeg en drink, paar uur, voor hulle huistoe gaan. Dis verandering, inderhaas. Waarheen gaan hulle?

35 Julle let op, meeste vroue vandag het wasmasjiene, en elektriese strykysters, en druk-knop skottelgoedwassers, en alles soos daardie; en tog het hulle minder tyd om te bid as wat hulle ooit gehad het.

36 Julle weet, Susanna Wesley het sewentien kinders gehad. En sy, met daardie sewentien kinders, wat die water van 'n fontein af aangedra het, en wasgoed met haar hande gewas. En tog het sy twee of drie ure gevind, per dag, om saam met haar kinders

te bid, met sewentien kindertjies. En daaruit het 'n John en 'n Charles gekom.

37 Dis wat fout is vandag, rede hoekom ons skole agteruitgaan, geen predikers wat inkom, jong mans wat geïnteresseerd is nie. Ons benodig meer, biddende vaders en moeders is wat ons nodig het, om ons skole vol te maak. Jongmanne se harte wat brand met ywer om die Evangelie te neem, is wat ons nodig het. Maar dinge verander.

38 Ons kan 'n bietjie verder gaan, na mense, en dit by die kerk uitbring. Kerk verander. Ons vind dit, dat ons kerke verander. Ons is regtig, min of meer. Ek neem nou universeel. Dat, ons is meer, blykbaar, meer geïnteresseerd in getalle kry, as wat ons is om mense gered te kry. Lyk net of almal die grootste getal wil hê, of die grootste kerk wil hê, of die grootste gebou, of die grootste denominasie maak, of—of iets, in plaas van om te dink aan die arme verlore siel. Dis baie jammer, maar daar's te veel van ons wat dit doen.

39 Ek het geluister na die beroemde evangelis, Broer Billy Graham, toe hy by Louisville, Kentucky was. Ek is genooi, saam met Dr. Mordecai Hamm, 'n persoonlike vriend van my, wat, Billy is gered onder sy bediening. En ek is genooi om by die ontbyt saam met hulle te sit. En Mnr. Graham, met sy kragtige prediking, het gesê: "Ek gaan in 'n stad in, en ek sal hê . . . ses weke daar bly." Gesê: "Ek sal miskien twintigduisend mense hê wat hulle—hulle bekeer." En gesê: "Ek sal al hulle kaartjies kry, ensovoorts, en hulle vir die predikers gee." En gesê: "Dan oor 'n jaar terugkom," gesê: "ek sal soontoe gaan. En waar ek twintigduisend bekeerlinge gehad het, toe ek daardie jaar daar was, die volgende jaar kan ek nie eers twintig kry nie." Gesê: "Wat's die probleem?" En hy . . .

40 Ek sou net 'n bietjie verskil. Nie om te verskil van daardie groot evangelis, Mnr. Graham nie, beslis nie. Maar die manier wat hy dit benader het, deur te sê: "Wat's die probleem?" En hy het sy vinger gewys, gesê: "Te veel lui predikers," het hy gesê: "sit rond met julle voete op die lessenaar, bedags en snags, en neem nie hierdie kaartjies en volg op nie."

41 Hy het gesê: "Toe Paulus hier was, het hy in 'n stad ingegaan en een bekeerling gehad; en die volgende jaar teruggekom, het hy veertig deur daardie een gehad. Hy het agter-agter-agter-agter-kleinkinders gehad daarvan, julle sien." En hy het gesê: "Ek kry dertigduisend, en kom terug; of twintigduisend, kom terug en kan nie twintig kry nie."

42 Wel, dit mag gewees het omdat ek Pinkster is. En, maar ek wou dit so graag gesê het dat ek skaars kon stilbly. Maar ek het gedink: "Watter lui prediker het sy voete op die bank gesit toe Paulus hom gered het?" Sien? Dit was daardie bekeerling, self, wat diep genoeg in God in gelei was, dat hy 'n houvas gekry het.

43 En as 'n man regtig 'n houvas op God kry, gaan God in die man se hart in. Moenie bekommerd wees nie, vonke sal na elke kant toe spat, want hy's diep genoeg in God, en sy hele lewe is gewortel en gevestig in Christus, julle sien. Daarom, weet ons dat dit nie net lui predikers is nie. Dis omdat die—die bekeerling nie diep genoeg gaan totdat hy die wêreld en die dinge van die wêreld uit die oog verloor nie. As hy ooit naby genoeg aan God kom, doen hy dit nie.

44 Maar ons vind uit dat die kerke verander en die mense verander. Die paaie verander. Die tonele verander. Die politiek verander.

45 Maar daar's een ding wat nie verander nie, dis God. Hy bly dieselfde. "Ek is God, en Ek verander nie." Maak nie saak hoe lank dit is nie, God het nog glad nie verander nie, en Hy kan nie verander nie. Wat 'n plek! Die rede waarom Hy nie kan verander nie, is omdat God oneindig is, en enigiets wat oneindig is, kan nie verander nie.

46 En dan, laat ons hierdie net vir 'n oomblik bestudeer, voor ons die Skrif verder benader. Oneindig is oneindig, daar's—daar's geen begin of geen einde nie. Hy—Hy is almagtig, oppermagtig, alomteenwoordig, alwetend; weet alle dinge, alle plekke, alle tye, almagtig. Hy is God, en Hy kan nie verander nie.

47 Nou, ek kan 'n besluit maak, en sê dit gaan *so* wees. En ek's eindig. Ek sal moet verander, want dinge kom op wat, ek, ek sal moet sê: "Wel, ek was verkeerd."

48 Maar God kan nie dit doen nie, want Sy een besluit is so tot in ewigheid. Hy kan nie Sy besluite verander nie. Hy kan dit nie verander nie.

49 Daarom, as God se gesindheid teenoor een sondaar en wou bely, Adam en Eva, en God het 'n weg gemaak vir hulle om te bely, en Hy het daardie sondaar vergewe; en die volgende sondaar kom, moet God dieselfde ding doen teenoor daardie sondaar, of Hy het verkeerd opgetree toe Hy teenoor die eerste sondaar opgetree het.

50 En as 'n man siek was, en God het een man genees; en dan as 'n ander man ooit na God toe kom, moet Hy dieselfde ding doen, of Hy het verkeerd gedoen toe Hy die eerste een genees het, as hy op dieselfde basis kom.

Wat 'n rusplek dan vir die siel wat skuiling soek!

51 Nou: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God." Nou, ons wonder hoe die—die wêreld ooit hier gekom het. Sien, die—die Woord van God het die wêreld geskep. Hebreërs 11 sê vir ons, dat: "Die wêreld is gemaak uit dinge wat nie gesien kan word nie." Sien? God het dit in ontstaan gespreek, want Hy was God. Hy het net gesê: "Laat daar wees," en dit was so. Daarom, as . . .

52 In die begin was die Woord, en die Woord wat gespreek is, was 'n skeppende Woord, en elke Woord wat gespreek is, kan nie teruggetrek word, as 'n fout nie. Dan: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon," wat Christus is.

53 En nou die Woord van God, geskryf in die Bybel, is Sy Woord vir ons. En elke belofte het dieselfde skeppingskrag agter dit, as wat God se Woord aan die begin gehad het, as ons Dit glo as die Woord van God. Hang af van waar die saad val. As Dit in grond val, 'n—'n grond wat kan skep. 'n—'n Vog, of 'n voeding, rondom die belofte van God, sal elke belofte voortbring wat die Bybel gemaak het. Dis net soos. . . Wel, die regte verstandelike gesindheid teenoor enige Goddelike belofte van God, sal dit laat plaasvind, as jy net daarna sal kyk, en net reg sal sorg vir die Woord. Omdat die oneindige God dit gespreek het: God se Woord.

54 Jesus het gesê: "Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit verbygaan nie." O, hoe ons behoort te rus op daardie Goddelike belofte van die Seun van God, Wat gesê het: "Beide hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit verbygaan nie." Daar is 'n rusplek vir die siel.

55 Nou, Jesus het gesê, in die Woord. Jesus het gesê: "As julle die Vader enigiets in My Naam vra, sal Ek dit doen." Maar partykeer, wanneer God iets bewerk en iets doen waarvoor ons gevra het, tog doen ons nie. . . Dit kom op 'n onverwagse manier, en partykeer in 'n onverwagse plek, en op 'n onverwagse tyd. Maar God sal op Sy Eie manier antwoord, as jy dit net sal glo. Sien? Sien?

56 Jy moet dit glo, dit aanvaar, en dit dan nie terugtrek nie. Hou vas daaraan. Kry dit beet, en sê: "Dit is dit. God het so gesê. Dit handel dit af. As God so gesê het, is dit volbring, maak nie saak hoe lank nie." Daar mag miskien nie een molekuul ontstaan het toe Hy gesê het: "Laat daar wees" vir 'n wêreld nie. Maar, Hy, Hy is Ewig. En na 'n rukkie, begin molekule en atome. En dit het opgekom, want Hy het gesê dit sou so wees.

57 En hier is ook 'n belofte, wat ons kan dink. As Hy, die Een wat dit gesê het, elke Woord volbring het, dan gaan Hy 'n kerk hê wat voor Hom gaan verskyn, sonder vlek of rimpel. En dit gaan ons betaam, broer, suster, om regtig seker te wees dat ons reg is met God, en dan, omdat daar 'n Kerk gaan wees, en ons wil deel wees van daardie Kerk.

58 Maak nie saak wat hierdie hier op die aarde is nie, ons soek na 'n Stad, wie se Boumeester en Oprigter God is. En ons kan nie bekostig om dit te verloor nie. Wat jy ook al doen, moet dit nie vergeet nie. Maak nie saak wat die buurman doen, wat die ander kêrel doen, wat jou skoolmaat doen, of wat jou man, of jou vrou, of enigiemand anders nie. Dis 'n—'n persoonlike

verhouding tussen jou en God. Jy moet, jy moet net daardie verlossing uitwerk.

59 Jou pa mag 'n groot man gewees het, jou moeder 'n groot mens, maar wat van jou? Sien? Sien? Dis jy. Jy moet dit self hê. Goed.

60 Nou, toe Jesus gesê het: "As julle die Vader enigiets in My Naam vra, sal Ek dit doen." Nou, dis net reguit uit die vuis uit. "Ek sal dit doen." En Hy was . . . Nou, dis op voorwaarde: "As jy sal glo wanneer jy vra."

61 Nou, in Markus 11:22, vind ons uit dat Jesus gesê het: "As jy vir hierdie berg sê: 'Word opgehef en in die see gewerp,' en nie twyfel nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur, kan jy kry wat jy gesê het." Sien?

62 Nou, nou, die ding, jy kan nie net hier uitgaan en sê: "Berg, beweeg ondertoe," nie. Jy moet 'n motief en doel daarvoor hê, julle sien. En dit, jy moet heel eerste uitvind of dit die wil van God is, en dan jou motief en doel teenoor die wil van God. En spreek dan tot dit, en staan daar. Dit sal afkom, ja, julle sien, as julle die toestande reg kry. Maar julle moet die toestande reg hê.

63 Nou, julle moet ook onthou dat, wanneer God antwoord, is dit partykeer op 'n onverwagse manier. Hy's onveranderlik, maar Hy doen dinge op onverwagse maniere. Nou, laat ons net 'n—'n geval op twee aanhaal, voor ons aangaan.

64 Kom ons dink aan Moses. Ek hou daarvan om Moses te bestudeer. Hy was so 'n dapper man, en hy het vir ons die Ou Testament gegee, deur die krag van God.

65 En baiekeer sê die skeptici: "Nou, Moses het Dit geskryf, en hoe weet ons Dis reg?"

66 Wel, jy kan teruggaan en bewys dis reg. En as Hy wat kon sê wat was, en, of wat sal wees, en wat sou gebeur na hom, en dit het gebeur, dan glo ek dat dit ook reg was, jy sien. Sien? Net soos as—as ons hier kan staan op . . . in die kerk, en die Heilige Gees kan teruggaan in jou lewe af en vir jou sê wat was en jy weet of dit waarheid is of nie. Wel, as jy weet, en weet dat dit die waarheid is, dan kan jy sekerlik glo wat Hy vir jou sê gaan gebeur, sal daar wees, want *dit* getuig *daarvan*. Sien? En dis waar.

67 En so sien ons, as getuies, van Hebreërs 11 en baie plekke in die Bybel, dat die helde van geloof, diegene was wat by God se belofte gebly het. Bly net daar, maak nie saak wat enigiemand anders sê nie, en God sal dit vir jou gee op Sy eie tyd.

68 Nou, Moses het afgegaan na Egipte, of was in Egipte, liewer. Hy is daaronder gebore. 'n Fatsoenlike kind, sy ouers sien hy was, het gesien dat hy was. En hulle was nie bang vir die koning se bevel nie.

69 En toe, toe Moses, geleer deur sy moeder! Wat 'n goeie onderwyseres, sy eie moeder, en kon vir hom daardie stories

vertel. "Moses, jy is my seun, maar jy is gebore vir 'n doel. En God sal jou eendag gebruik om Israel te verlos."

70 En ek veronderstel, na die dood van—van sy dierbare moeder, het Moses toe 'n groot heerser geword, of was, na Farao daar, die erfgenaam van die troon. Toe het hy eendag gevoel vir sy broers.

71 En 'n gevoel vir iets partykeer, tog, selfs al voel ons, moet ons optree op God se manier, om die werk reg gedoen te kry. Sekerlik.

72 Nou, ek glo dat God genade het vir al dié wat honger is en ly, en—en ons het aller—allerhande soorte organisasies om dié, wat honger is, te voed en goed. Ek glo dis 'n wonderlike ding. Maar tog is die ware taak die Evangelie. Dis die ware taak, is die Evangelie, om die Evangelie te neem.

73 Nou vind ons uit, dat, nadat hy gesien het dat hy 'n mislukking was, in sy eie werke. Want, hy was 'n slim man, 'n militêre man. En hy was. Hy was 'n mislukking. Toe het hy—hy weggehardloop van die taak af, uitgegaan in die woestyn en was daarbuite vir veertig jaar. En hy het 'n vrou gehad, ensovoorts, en sy kinders, of sy kind, liewer, Gersom.

74 Nou, wat vreemd is, met 'n roeping van God in sy lewe, neem ek aan Moses kon nooit daarvan wegkom nie; kon nooit nie.

75 En daar mag mense hier wees vanaand wat net luister na ons, wat regdeur jou lewe, iewers, jy gevoel het daar was 'n roeping in jou lewe, en jy het net nooit daarop ag geslaan nie. Jy sal ellendig wees solank as wat jy lewe, totdat jy ag slaan op daardie lewe.

76 Dan is daar, sonder twyfel, mense hier vanaand wat gesoek het na die Heilige Gees vir jare. En julle sê net: "Wel, ek—ek weet nie. Ek behoort Dit te ontvang. Ek. . . " Wel, jy sal nooit, nooit tevrede wees totdat jy dit kry nie, sien, want jy is gemaak daarvoor. En nou moet jy dit die eerste ding in jou lewe maak. Of jy weer eet, óf of jy weer drink, óf of jy weer slaap, of wat jy ook al doen, jy moet Dit kry. Dis reg. Dit moet die eerste ding wees. Dis reg. Bly net reg by God se belofte. Hy het Dit vir jou belowe, so jy bly net reg daarby, sien, en God sal dit laat gebeur.

77 Nou, en Hy mag dit op 'n onverwagse tyd doen. Jy sê: "Wel, Broer Branham, ek het hard gewerk vandag, en ek's 'n bietjie moeg. En ek het vir drie of vier dae nie goed gevoel nie." Dit mag net die tyd wees. Sien? Jy weet nooit wanneer dit gaan gebeur nie.

78 Hoeveel keer kan ek stop, en vir dae die ondervinding vertel, wanneer ek na die woude toe gaan, om die Here te soek, dat die—die dorings my krap, en die voëls my pla, en die muskiete my byt. Dis net wanneer God gereedmaak om iets te doen, net dan. Net wanneer—net wanneer iets baie onverwags lyk, dan neem God plaas, kry 'n houvas.

79 Nou kyk na Moses. Moses, hierdie groot ou skaapherder nou, hy was alreeds tagtig jaar oud. Hy was veertig voor hy sy besluit

gemaak het vir God. En toe het hy skape opgepas daarbuite, en ek reken hy was veertig jaar in die woestyn. En hy het 'n ou man geword, miskien grys wangbaarde, en lang, gladde, grys hare wat afhang. En hier was hy, nie in die kerk nie; hy was onder die Berg Horeb. En God het nooit afgekom deur 'n preek nie, maar in 'n brandende bos; sien, 'n onverwagse tyd, 'n onverwagse plek, en op 'n onverwagse manier.

80 Wel, hy het gedink God sal hom daarbuite ontmoet met sy stok in sy hand, of swaard, of wat hy ook al die Egiptenaar mee doodgemaak het.

81 Maar God het hom nie eens in die kerk ontmoet nie; onder die berg. God het hom nie ontmoet in die liedere nie, maar in 'n brandende bos. En nie toe hy 'n jong man was nie, maar toe hy 'n ou man was. God het hom geroep nadat hy tagtig jaar oud was.

82 Dink daaraan. So partykeer dink ons, omdat ons vyf-en-dertig of veertig is, wat ook al jy is! Jy's nooit te oud nie. Jy het 'n siel wat tot in ewigheid moet lewe. So onthou net, dis altyd so: 'n God, die onveranderlike God, op 'n onverwagse tyd, en onverwagse manier, op 'n onverwagse plek.

83 Kom ons vat vir Jakob. Jakob het weggehardloop. Hy is gevang tussen twee vure. Nou het hy huistoe gegaan. En Laban, sy skoonpa, was oppad van *hier* af, agter hom aan, omdat sy vrou hulle gode gesteel het. En toe vind hy uit Esau is oppad van *hier* af, agter hom aan; sy broer, vir wie hy gekul het. Nou, dit was nogal 'n onverwagse tyd vir God om hom te besoek. Maar hy was . . . Hier kom Laban van *hierdie* kant af. En hier kom Laban van *hierdie* kant af, en Esau van *hierdie* kant af. Maar Jakob het oor die stroompie gegaan, en toe het hy ernstig geraak. En miskien het hy vir die eerste keer in sy lewe, iets beetgekry wat eg was, en hy was in staat om vas te hou tot die seëning gekom het.

84 Dit sou 'n groot les vir ons almal wees. Wanneer jy eers iets beetkry wat eg is, hou vas daaraan. Moet dit nie los nie. Maak nie saak hoeveel keer die son oorgaan, of wat ook al plaasvind, hoeveel hongerpyne kom, wat nog nie, hou vas daaraan totdat jy geseën word daardeur, totdat jy die belofte daarvan het. Hou vas.

85 Hy het sy vrou, en almal, weg van hom verwyder, en homself afgesonder, en vasgehou, omdat hy tussen twee vure was. En God het hom op 'n onverwagse manier, op 'n onverwagse tyd, op 'n onverwagse plek besoek. Dis waar God hom ontmoet het.

86 Jesaja die profeet, 'n jong kêrel, het op die goeie koning se arm geleun, en hy was 'n goeie man. En hy het dinge maklik gehad. Maar eendag het die koning gesterf. En Jesaja, die profeet, het afgegaan na die altaar in die huis van God. En terwyl hy daar gebid het, was hy vasgevang tussen sy eie sondes en die visioen. En hy het uitgeroep: "Wee my," toe hy die Engele gesien het met vlerke oor Hulle gesigte, vlerke oor Hulle voete, en wat vlieg, en uitroep: "Heilig, heilig, heilig is die Here." Hy het uitgeroep:

"Wee my, want ek is 'n mens met onrein lippe." Hy is gevang op 'n onverwagse tyd, 'n overwagse plek.

87 Hy het gedink: "Ek sal afgaan en my gebede opsê, en opstaan en aangaan, omdat mense glo ek's 'n goeie prediker, of pastoor, of so-iets." Maar hy is daar gevang. Nie net is hy gevang in hierdie toestand met die visioen nie, maar hy is gevang met onrein lippe in die huis van die lewende God.

88 O, broer, as dit sou soek deur hierdie stad vanaand, en môre-oggend, vir predikers wat sou staan en vir julle vertel dat daar glad nie so-iets soos Goddelike genesing is nie, en daar glad nie so-iets soos die doop van die Heilige Gees is nie, sal daar nog uitroepe wees: "Wee my, met onrein lippe." Dit is waar, ja, baie beslis.

89 Die Hebreeuse kinders, nou, hulle het ook in 'n effense penarie beland. Hulle is gevang op 'n onverwagse plek, waar hulle God ontmoet het, vir God om na hulle toe te kom in 'n vuuroond; onverwagse tyd, 'n onverwagse manier. Maar God is die onveranderlike God, onveranderlike God, en Hy doen dinge op daardie manier; op onverwagse plek, onverwagse tyd, ensovoorts.

90 Israel het gevra vir 'n magtige koning. Hulle wou 'n koning hê om hulle te verlos. Dis wat hulle verwag het God vir hulle sou stuur, was 'n koning, om hulle te verlos, 'n magtige koning wat sou marsjeer soos Dawid. "Die Seun van Dawid sou opstaan, uit die gange van die Hemel afkom, afstap na die aarde in 'n volle Engele-saluut, en die Vader sou afkyk uit die Hemel en sê: 'Ek stuur nou die Messias af na julle toe.'" En hulle het dit heeltemal uitgewerk gehad dat dit die manier is wat Hy veronderstel was om te kom.

91 Maar wat het hulle gekry? Hulle het 'n baba gekry, in plaas van 'n magtige koning, 'n baba, gebore in 'n—'n stalletjie, aan die kant van 'n heuwel, 'n grotstalletjie met hooi, en die mis van die diere, en 'n—'n baba. Maar dit was die antwoord op hulle gebed. Hy was presies wat hulle nodig gehad het. Maar hulle wou dit op hulle eie manier hê. Hulle wou dit hê op die manier wat hulle—hulle gedink het die beste was. Maar God weet hoe om dit te stuur op die manier wat Hy weet die beste is, want Hy is 'n oneindige God, en Hy weet net hoe om dit te stuur.

92 Hy ken jou behoeftes. Hy weet hoe om dit na jou toe te bring. Maar die probleem daarmee is, omdat dit nie kom op die manier wat jy dink dit behoort te kom nie, dan is jy totaal mismoedig, en jy gee dit terug vir Hom. Kom ons vra Hom, en glo dat Hy dit sal stuur net soos Hy dit wil stuur. En aanvaar dit op die basis. Dis reg. Sien?

93 As jy vir Hom vra, moet Hom nie 'n leuenaar maak nie. Hy kan nie lieg nie. Hy het belowe: "Vra die Vader enigiets in My Naam, Ek sal dit doen." Nou, God kan nie lieg nie. Vra Hom en

dit sal gedoen word. "Soek, jy sal vind; klop, daar sal oopgemaak word." Ons glo dit. Ons glo beslis.

94 Hulle het 'n krip gekry. So wat het hulle gedoen? Het hierdie Babatjie in die krip gehad. Was dit die magtige Koning? Hulle het Hom geweier. Ja, meneer. Hoekom? Hy het nie gekom soos hulle verwag het Hy sou kom nie.

95 En, vriende, julle mag dink dat dit 'n vreeslike ding was. Dit was. Maar, julle weet, ons is skuldig aan dieselfde ding. Ons is skuldig aan dieselfde ding. Ons vra God vir dinge, en dan loop ons rond, en—en, as Hy nie net iets op ons uitstort en ons iets gee wat ons dink ons behoort te hê nie, dan gee ons dit net terug. Sien? Moet dit nie doen nie. Vra Hom. Bly net daarby. Ja, meneer. Hou daaraan vas as jy weet dis eg.

96 En wat is meer eg as die Woord van God? "En die Woord van God het vlees geword, en onder ons gewoon, Christus." En nou het Christus die Heilige Gees gestuur. En Hy is God, in Gees, so hou dan vas Daaraan. As die Heilige Gees hier is en vir ons daardie belofte gegee het, bly daarby.

97 Wat is fout met ons, Pinkstermense, wat bely om die Heilige Gees te hê en bang is om God amper oral te vertrou? Wat's fout? Ons verwag dit op 'n ander manier.

98 Ek dink dat, wat ons doen, ek sal julle die waarheid vertel, ek dink ons verwag dit, God om in te kom en ons te laat blom in 'n yslike groot organisasie van *hierdie* soort en *daardie* soort. En wanneer jy dit doen, bou jy 'n kompleks op teen die ander kêrel. Die ding wat ons behoort te doen, broer, is om daarvan te vergeet. Julle organisasies is goed.

99 Maar wat ons wil hê, is wedergebore Christene met verlossing in hulle hart, en die krag van die Heilige Gees daarbinne, om mekaar lief te hê, en om uit te strek; en om gevoelens vir mekaar te hê, glorieryke gevoelens, hoop van gevoelens, en broederlike liefde. Dit verbind ons. Dis wat God wil hê ons moet hê. Hy's die oneindige God, en Hy kan nie verander nie. Sy Woorde, Hy kan Hulle nie verander nie.

100 Nou kyk. So hulle het Hom geweier omdat Hy nie gekom het op die manier wat Hy . . . hulle dit verwag het om te wees nie. En ons let op, maar Hy het gekom in die Skriftuurlike vorm. Hy het gekom presies volgens die—die Skriftuurlike plan. En elkeen van hierdie het ook, op die regte plek, op die regte tyd, en op die regte manier. God doen dit altyd op Sy manier, en dis die regte manier.

101 Nou, Moses, waarom sou hy twyfel? Hy is geroep by geboorte. Hy was 'n baba toe God hom geroep het. Hy is in hierdie wêreld gebore vir 'n doel. Hy is as 'n profeet gebore. Behoort nie 'n moeilike ding vir Moses te gewees het om dit te dink, onverwags gewees het nie, want hy behoort te verwag het dat God hom sou roep.

102 Jakob, God het net met hom gepraat en gesê: "Jakob, gaan terug huistoe. Ek sal met jou wees en jou vermeerder. Ek sal jou saad maak soos die sand van die see." Waarom was dit dan so—so onverwags vir hom, dan, dat God na hom toe gekom het, toe Laban van die een kant, en Esau van die ander kant af gekom het? Tog het God hom belowe. Amen.

103 Daar het julle dit, vriende. Wanneer God 'n belofte maak, en die teenstand kom, is dit net die toets of jy werklik die Woord het, of nie. Die man wat egte goud het, gee nie om om na die aanrakingsteen toe te gaan nie. Sien? Dis waar. Sien? Dis net 'n. . . Petrus het gesê, glo ek was dit, dat: "Hierdie beproewings kom om ons te toets, ons te beproef," te kyk wat ons daarmee gaan maak. Dis reg. Wanneer jy die Heilige Gees ontvang, en—en man gaan jou uit die huis uitjaag, of—of moeder gaan jou die huis laat verlaat, daardie dinge, moenie opgee en teruggaan in die wêreld nie. Dis net 'n toetstyd.

104 Jakob, hy behoort beter te geweet het as dit. Maar hy het soort van baie van sy lewe vermors, en rondgehardloop, ensovoorts, van *hier*, *daar* af. En hy. . . Ek hou van wat hy daar gesê het. "Ek het hierdie Jordaan net met 'n staf oorgesteek. En nou kom ek terug in twee leërs, wat terugkom, so vermeerder." En hy het gesê: "Hier is Esau, my broer, wat van *hierdie* kant af kom. En my skoonpa is *hier* oorkant, agter my aan." En daardie, toe hy in daardie soort toestand beland het, maar hy het na die regte plek toe gegaan, en begin om onverwags, reken ek, die antwoord te kry.

105 Maar God het afgekom, en hy het 'n stoeigeveg gehad, en by God gebly, en vasgehou tot die seëning gekom het. Ek hou van Jakob op hierdie manier. Toe hy werklik iets gesien het wat reg was, toe hy sy hand op iets gekry het wat waar was, het hy daaraan vasgehou totdat hy resultate gekry het.

106 O, as ons dit sou doen! As die kerk net dit sou doen, as julle net oortuig sou wees dat dit reg is, en weet dat dit God se belofte is, en dit nie kan faal nie! Julle net. . . Dit kan nie faal nie.

107 Iemand praat jou daaruit, sê: "Dis vir 'n ander geslag. Dit was nie vir ons nie." En dit—dit is nie Skrif nie.

108 Jesus het gesê, in Markus 16: "Gaan julle in die hele wêreld in, verkondig die Evangelie aan elke skepsel. Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Sien? Waar? Hoe ver? Die hele wêreld, elke skepsel. Hierdie tekens sal volg in die hele wêreld, vir elke skepsel wat glo.

109 Petrus het gesê, op die Dag van Pinkster: "Want die belofte kom julle toe, en julle kinders, en almal wat daar ver is, selfs dié wat die Here onse God sal roep."

110 Hoe gaan jy dit doen? Die Evangelie moet verkondig word, en aan die hele wêreld, vanaf Jerusalem. Lukas 24:49, het Hy gesê:

"Bly in die stad Jerusalem totdat julle toegerus word met krag van Omhoog."

111 "Na die Heilige Gees," Handelinge 1:8: "die Heilige Gees oor julle gekom het, dan sal julle My getuies wees in Judéa, Samaría, en tot aan die uiterste van die aarde." Oral, die Heilige Gees wat getuig met tekens en wonders wat volg.

112 Hoe gaan ons daarvan wegkom? Dis God se belofte. Moenie die duiwel toelaat nie. Hy's so gladde-tong as wat hy kan wees, en 'n baie, skynbaar, 'n Skrif-belese persoon. Maar hy verdraai Dit om dit iets te laat sê wat Dit nie sê nie.

113 En tog, het die Bybel gesê: "Dis so duidelik dat selfs nie 'n dwaas sal afdwaal van die pad nie." Kry net 'n houvas op God se belofte en hou daaraan vas. Hou vas aan daardie een totdat jy 'n ander een kry. Wanneer jy sien dat *hierdie* een beantwoord word, kry dan 'n houvas op *hierdie* een. Hou dan aan *daardie* een vas totdat jy 'n ander een kry. Hou dan net aan klim.

114 Soos daardie koor gesing het gisteraand, onder by die—die ander kerk, by Broer Outlaw se kerk, gesê het; eerste trap was regenerasie, en toe het hy aangehou, 'n ander een het êrens anders heengegaan. En naderhand het hy verby Mars, Jupiter gegaan, en die Melk Wit Weg getref, en net voortgegaan. Ek—ek hou daarvan. Sien? Hou net aan klim, trap vir trap.

115 Kry 'n houvas op God se belofte, sê: "God, U het belowe om my te red." Hou daaraan vas. Bly net daar tot jy gered is. "God, U het belowe om my te vul met die Heilige Gees." Bly net daar totdat jy gevul is met die Heilige Gees. As jy siek is, sê: "U het belowe om my te genees. Ek bly net hier totdat U my genees." Daar het julle dit. Dis die manier om dit te doen. Bly daarby.

116 God is oneindig. Hy is onveranderlik. Hy kan nie verander nie. En Hy doen dit op onverwagse maniere, maar hou vas tot dit kom. Moenie vir God sê wat, hoe jy wil hê Hy dit moet doen nie. Hy sal dit doen soos Hy dit wil doen. Sien? Moenie vir Hom sê hoe om dit te doen nie.

117 Nou kyk. Nou vind ons uit dat Jesaja as 'n profeet gebore is. Nou, hy was op sy pos toe hy daaronder by die altaar was. Dit was nie iets vreemds vir 'n profeet om 'n visioen te sien nie, so moes hy onthou het. Hy was reg op sy pos. So, hy was nie buite die Skrif nie; hy was reg in die Skrif.

118 God het gesê: "As daar een onder julle is, wat geestelik is, 'n profeet, sal Ek, die Here God, Myself aan hom bekendmaak. Wat hierdie profeet sê, gebeur, luister dan na hom. As dit nie, weier hom." So, julle sien, Jakob was in lyn met die Skrif. Moses, in lyn met die Skrif.

119 En, Elía, kom ons vat vir Elía hier. Ek sou graag vir hom wou sê, nou, hy het daarbuite in die woestyn ingegaan en buierig geraak. En God het vir hom gestuur, hom gevoer deur 'n Engel,

en hom in die woestyn geplaas, en hy het vir veertig dae en nagte gedwaal. En voor jy jou kom kry, wat het gebeur? Hy het agter in 'n grot ingekom. En die profeet daaragter, hy het die rukwind gehoor, wat spat, waai. Hy het die rotse hoor brul, alles. Hy het gedink: "Wel, dis alles reg. Ek was bo-op die Berg Karmel. Ek weet Hy antwoord, die donderweer, en die weerlig, en die reën. Ek weet dit." Maar, wat die profeet verbaas het, was daardie onverwagse stil Stemmetjie.

120 Dis waar dit soveel van ons Pinkstermense laat spring. Sien? Ons verwag iets op 'n ander manier, wanneer God dit op Sy eie manier bring. Sien? Ons dink dat, dit, ons behoort te kom op die manier wat ons dit verwag het. Maar God stuur dit op Sy eie manier, soos Hy dit wil doen—dit wil doen.

121 Nou, Jesus. Toe hulle gevra het vir 'n koning, Jesaja 9:6, het hy gesê: "Vir ons is 'n Kind gebore, 'n Seun gegee: Sy heerskappy is op Sy skouers." "Maagd sal swanger word, en 'n Kind baar. Hy sal Emmánuel genoem word." En, tog, Hy het reg in lyn met die Skrifte gekom. Het Hy? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Net presies wat die Skrif gesê het.

122 Moses was opgelyn, maar dit het nie gekom soos hy gedink het dit sou nie. Hy het gedink: "Ek sal soontoe gaan en daardie Egiptenaar doodmaak. Dit sal dit wees, dan sal al die kinders van Israel sê: '*So-en-so*, hy, sien, hy's ons oorwinnaar.'" Maar dit het nie op daardie manier gekom nie. Maar hy was steeds in sy lyn met die Skrifte. Jakob, al die res van hulle, was in lyn met die Skrifte toe God gewerk het.

123 En as ons onsself opgelyn kry met die Woord van God, en daaraan vashou! "Wat kan ek, Broer Branham, wat kan ek doen om op te lyn met die Woord van God?" Neem Dit net in jou hart en glo Dit. Elke belofte is joune. Dis joune. Jy kan dit kry. Dit behoort aan jou.

124 "Elke belofte in die Boek," sing julle: "is myn'. Elke hoofstuk, elke versie, elke lyn. Ek vertrou in Sy liefde Rein, want elke belofte in die Boek is myn'." Sien?

125 Maak nie saak wat die belofte is nie, dis in elk geval joune, want God het dit vir jou gegee. "Wie ook al wil, laat hom kom en drink uit die fonteine, die water van die Lewe, vrylik." Dis joune. Dit behoort aan jou. Enige belofte behoort aan jou, as jy geloof het om dit te aanvaar. En dit sal dit doen, as jy dit net sal glo.

126 Nou, maar toe Jesus gekom het, vind ons uit dat Hy gebore is in 'n krip, so sommer dadelik het die Jode nie saamgestem nie. Hy het nie gekom soos hy gedink het, hulle gedink het Hy moes kom nie, so hulle het Hom net geëkskommuniseer uit hulle gemeenskap. En Hy was nie meer daarin nie. Maar kyk wat het Hy gedoen. Hy, toe Hy . . . Dit het Hom nie gestop nie.

127 Toe Pinkster die eerste keer gebore is, is die kerk ook geëkskommuniseer. Dit het nie die boodskap gestop nie. Dit gaan net in elk geval aan. Jesus kan nie gestop word nie.

128 Wie kan God stop? Jy kan dit nie doen nie. Nee. Jy kan dit net so min doen. Jy kan makliker die son stop. Maar jy kan God nie stop nie. Sy program gaan voortbeweeg.

129 So het dit gekom dat die kerke destyds daar gebid het vir 'n herlewing. Dit het gekom op 'n onverwagse manier. Hy het 'n groep gekry van 'n, een-oog gekleurde hier oorkant in Kalifornië, en 'n—'n klomp boemelaars van die strate af, en sulke goed, en hulle gevul met die Heilige Gees. En 'n vuur aangesteek, wat, kyk waar dit nou al heen is.

130 Dis die kerk wat die vinnigste groei in die wêreld. Hulle het meer bekeerlinge gehad verlede jaar as al die res van hulle bymekaar. Ja. Dis reg. *Ons Sondag Besoeker*, die Katolieke koerant, het so gesê. Hulle het eenmiljoen vyfhonderdduisend geregistreer.

131 Wat? God se Woord seil aan, aan, en aan. Sy mense sal nooit oorgee nie. Hulle is soldate, amen, want die Woord van die lewende God brand in hulle harte. Dis reg. God stuur vir hulle dinge op verskillende plekke, wat hulle seën, hulle aanmoedig. Nou laat ons ons denke vestig op die Woord, en op God, en bly voortbeweeg.

132 Nou, moet dit nie afmaak, deur te sê: "Ons gaan die grootste groep wees. Of, ons het die beste groep in die dorp. Die besgeklede skares kom na ons plek toe," of so-iets nie. As jy dit in jou gedagtes kry, het jy net daar geval. Sien? Ja, meneer.

133 Onthou net, waar die Gees ook al is, daar was die lewende Wesens. Dis reg. Bly by die Gees van God. Wat jy ook al doen, bly by daardie Gees.

134 Nou, Jesus, toe Hy grootgeword het, het Hy bewys dat Hy daardie Messias was waarvoor hulle gebid het. Hy het vir hulle Sy teken van die Messias gewys. Hy het bewys dat Hy Messias was, deur die tekens wat Hy gedoen het.

135 Kyk na die vrou by die put, toe Hy vir haar haar sondes vertel het, dat sy vyf mans gehad het. "Wel," het sy gesê: "Meneer, ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel." Maar sy het nie geweet Wie Hy was nie.

Hy het gesê: "Ek's Hy."

136 Kyk na Natánael, toe hy teruggekom het met Filippus, en hy in die Teenwoordigheid van Jesus ingeloop het. En Jesus het vir hom gesê wie hy was, waar hy vandaan gekom het, wat hy gedoen het. O, goeiste! Dit het bewys. Hy het gesê: "Rabbi, U is die Seun van God. U is die Koning van Israel." Goeiste! Sekerlik. As gevolg waarvan? Hy's bewys. Hy was. Hy was die . . . hulle . . .

137 Hy is nie ingebring soos Israel gedink het Hy sou inkom nie. Hulle het gedink: "Hy sou 'n magtige Koning wees met 'n stok in Sy hand, en uitgaan en die Romeine oor die kop slaan daarmee." Maar dit was nie God se manier nie.

138 Dit was nie eers die Skrif vir Hom om dit te doen in daardie koms nie. Die volgende koms is wanneer Hy dit gaan doen. Hulle het die eerste en die tweede koms verwar, met mekaar.

139 So Hy het toe nederig, sagmoedig gekom, gesit op 'n muil, ingery gekom. En Hy het uit—uit die—die kleinste stadjie gekom onder die—die groot provinsies. En o, die Skrifte het net vervul van Sy koms, die manier wat Hy sou kom, maar hulle het dit nie gesien nie. Sien? Maar Hy het die teken van die Messias gedoen, bewys dat Hy Messias was, en hulle het dit verwerp omdat Hy gekom het op 'n onverwagse manier vir hulle. Nou, as hulle net gewillig was om Hom te aanvaar op die basis waarop God Hom gestuur het!

140 Kan ons vanaand, as Pinkstermense, die Heilige Gees aanvaar op die basis wat God dit gestuur het? Kan ons verwag dat die Heilige Gees doen wat God gesê het Dit sal doen wanneer Dit ingekom het? Is dit die basis waarop ons dit wil aanvaar? Of wil ons sê: "O, ek glo ek het die Heilige Gees ontvang *toe* ek geglo het. Ek het my pastoor se hande geskud, en, ek sê jou, ek—ek glo ek het die Heilige Gees"? Dis nie wat die Bybel gesê het nie.

141 "Wanneer Hy kom, sal Hy getuig van My," het Jesus gesê, sien, wanneer Hy kom.

142 Nou, hoe getuig Hy van—van God? Hy getuig daarvan deur die lewe wat Hy in jou lewe. "Aan hulle vrugte sal julle geken word."

143 Jy kan sê: "Wel, Broer Branham, ek het die Heilige Gees. Ek het in tale gepraat."

144 Ek glo dit, ook. Maar as daardie lewe nie daardie ondervinding volg nie, dan was daar iets verkeerd, sien, jy het die verkeerde ding gekry. Sien? Maar as jy het—as jy die ware Heilige Gees gekry het, en jy het in tale gepraat, dan volg die lewe dit. En dan, as jy sê jy het die Heilige Gees, en die ondervinding gehad het, en dan vergelyk jou lewe nie met God se Woord nie, dan het jy die verkeerde gees. Sien? Want: "Jy kan nie druiwe van 'n—'n distel pluk nie." Julle weet dit. Sien? "En aan hulle vrugte word hulle geken."

145 En Jesus, toe Hy gekom het, gesê het Hy is die Messias, het Hy die werke van die Messias gedoen. Amen. Hy het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie. Maar as Ek die werke van My Vader doen, glo dan die werke." Wat 'n stelling! Dieselfde vandag, soos Hy belowe het in Hebreërs 13:8: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid."

146 Die denominasies, die groot organisasies van die wêreld, wat verwag hulle wanneer hulle sien die . . . herlewing uitbreek in die stad? Wat verwag die denominasies? "'n Groot intellektuele toespraak. Hy moet kom deur goeie geleerdheid, groot woorde. En in staat, met 'n persoonlikheid, om oral samewerking te kry, en—en alles soos daardie, en 'n yslike groot program." Wat doen julle? Gaan op na die altaar, 'n klomp gegrimeerde Isébels wat nooit afwas nie, 'n klomp sigaret-roker kêrels wat sê hulle is Christene, en nooit hulle lewe reggemaak het nie, steeds net so skelm soos 'n vaatjie slange. Wil julle vir my sê dis die Heilige Gees? Nee, meneer.

147 Die Heilige Gees is heiligheid, en krag van die opstanding van Jesus Christus. Die Bybel het gesê: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Amen. Dit is waar, my broer, sonder enige twyfel. Maar die . . .

148 Wat is dit? Kry 'n man daarbo, mag 'n bietjie hakkel, en 'n bietjie spat in sy taal, en 'n paar woorde verkeerd spel, of hulle verkeerd uitspreek. Dan sê hulle: "Ag, daar is niks aan daardie kêrel nie."

149 Wat van jou Dwight Moody, een van die grootstes wat julle gehad het sedert Charles Finney. Dis reg. Wat van Moody? Hy kon skaars sy naam lees, ou skoenmakertjie.

150 Eendag, oorkant, het hy gepreek vir die cogneys oorkant in Engeland, en hy het die Bybel probeer lees en dit verkeerd uitgespreek. Wat? Hy, ek dink, hy het Filistyne: "Filístyne," of iets genoem, een of ander soort woord wat hy dit gemaak het. Hy het 'n halwe vers teruggegaan. Hy het weer probeer. Hy het gedink hy sal tyd hê om dit uit te spel. Dit weer gemis. Hy het teruggegaan en die hele ding weer gelees, en hy het dit weer gemis.

151 Hy het die Bybel toegemaak. En hy het geweet daardie cogneys het daar gesit, net . . . Dit moet intellektueel wees vir hulle. Hy het die Bybel toegemaak. En hy het gesê: "Here God, ek sal praat in die taal waarin U my gestuur het." Broer, hy het daardie plek uitmekaar geskeur. Dit gedoen. Die trane het teen sy wange afgerol.

152 'n Koerant het kom ondersoek instel, om te sien hoekom hy soveel mense trek. En die koerant het gekom en 'n artikel geskryf, gesê: "Waarom sou enigiemand kom om Dwight Moody te sien?" Hy het gesê: "Om mee te begin, hy's so huislik om na te kyk." En gesê: "Die volgende ding," gesê: "hy praat deur sy neus. Hy het nie—hy het nie goeie spraak nie." En gesê: "Sy grammatika is die swakste wat daar is." En gesê: "Hy's verskriklik om na te kyk. Hy's vet, en rond, en wangbaarde oraloor sy gesig." O, hulle het hom omtrent alles genoem.

153 Sy bestuurder het gekom en gesê: "Mnr. Moody, hier is wat die koerant van jou gesê het." Hy het gelees wat dit was. "'Meneer,' gesê: 'waarom sou enigiemand kom om Moody te sien?'"

154 En Mnr. Moody het net met een sin geantwoord, gesê: "Huh. Natuurlik nie. Hulle kom om die Here te sien." Dis al. Hulle het nie gekom om . . . As jy kom om vir Dwight Moody te sien, is dit anders; jy moet iets wees om na te kyk.

155 Broer, as jy kom vir 'n intellektuele toespraak, dis waarna jy soek, dis wat jy verwag. Maar as jy gekom het om die krag en demonstrasie van die Heilige Gees te sien, sal dit die krag van God uit die Hemel verg om dit te doen. Dis reg. Hang af van waarna jy soek, wat jy verwag.

156 Wanneer ek kerk toe kom, verwag ek verlossing. Ek verwag heilige mense. Ek verwag 'n gereinigde groep van 'n lewe van sonde. Dis wat jy verwag, want dis wat God vereis. Maar sien julle hoe ons die standaarde laat sak?

157 Ou Broer Spurgeon, 'n ou Metodiste predikersvriend van my, het altyd gepreek oor, gesê ons laat . . . of praat, sing van, liewer. Hy het gesê:

> Ons sak die standaard, ons sak die standaard,
> Ons laat sonde toe;
> Ons sak die standaard, die skape kom uit,
> Maar hoe kom die bokke in?

Die standaarde laat sak, dis reg, die standaarde laat sak.

158 Bly by die Woord. God is onfeilbaar. God is die Oneindige wat nie kan verander nie. Hy's onveranderlik, die onveranderlike God, dieselfde Een wat geval het op die Dag van Pinkster, en die hele huis gevul het met 'n magtige rukwind. En verdeelde Vuurtonge het op hulle gesit, en hulle is almal gevul met die Heilige Gees. Dis dieselfde God waaarna ons kyk om vandag te sien. Dit hang af van waarna jy soek. Die oneindige God: "Ek is God, en Ek verander nie." Hy verander nie. Hy kan nie verander nie. As dit is wat Hy daardie eerste verwagtendes destyds daar gegee het, is dit wat Hy die tweede verwagtendes sal gee, dis wat Hy die derde gee, vierde. En elkeen wat Hy roep sal dieselfde ding wees.

159 Hy het gesê: "Ek is die Wynstok. Julle is die lote." As 'n wynstok 'n loot voortbring, en dit bring druiwe voort, die volgende wynstok of . . . Die volgende loot wat daardie wynstok voortbring, sal druiwe dra. Jy kan nie die een laat pampoene dra, 'n ander een waatlemoene, en dan druiwe nie. Jy kan dit nie doen nie. Sien, dit wys dis gegiet. Dis 'n—dis 'n wynstok wat ge-ent is. Dis reg. Of een of ander wynstok wat was . . . of 'n loot wat op die wynstok ge-ent is.

160 Ek het eenkeer hier gestaan saam met Broer John Sharritt. Hy het my gewys omtrent, o, omtrent vier of vyf verskillende

sitrusvrugte op 'n . . . op die . . . 'n boom. Ek dink dit was granate. En—en, nee, miskien is ek verkeerd daar. Dit was lemoene, en suurlemoene, en nartjies, en tangelo's, en pomelo's, wat almal aan 'n lemoenboom gedra is.

161 Ek het gesê: "Maar, Broer John, ek wil vir jou iets vra. Wanneer hulle nou uitkom, en weer bot," het ek gesê: "gaan dit alles lemoene wees?"

162 Hy het gesê: "Nee. Elkeen van die lote, elkeen van die lootjies wat afgeknip is en in hierdie boom geplaas is. As dit 'n suurlemoenboom is, sal dit . . . As dit 'n suurlemoenloot is, sal dit suurlemoene dra."

163 Ek het gesê: "Maar wat as die oorspronklike boom nog 'n tak voortbring?" Hy het gesê: "Dit dra lemoene." Dis reg.

164 So, broer, ons kan onsself laat inspring deur organisasie. Dis al wat ons het. Ons dra organisatoriese vrugte. Ons dra organisatoriese bewyse. Maar as jy voortgekom het uit die Wynstok, en dit bring jou voort, 'n nuwe skepsel in Christus, sal jy die lewe van Christus dra. So help my, jy sal. Reg. Jy sal dieselfde ondervinding hê as wat hulle aan die begin gehad het. Amen. Ek weet dis die waarheid.

165 Die denominasies soek na die intellektuele. Die probleem, ons Pinksters, ons soek soveel na magtige rukwind, ons mis die stil Stemmetjie. Dis net wat dit is. Sien? Ja, meneer. Dis onverwags, partykeer. As dit nie 'n stil Stemmetjie daarin het nie, wel . . . Of, het Dit daarin, wel, ons wil Dit nie aanvaar nie. Partykeer 'n baie goeie lering, partykeer, wat ons net uitmekaar sny, soort van ons vere 'n bietjie deurmekaar vryf, julle weet. Partykeer help dit ons 'n bietjie. Julle weet dis waar. [Leë kol op band—Red.] Dis die waarheid, ja, meneer, iets wat ons sal help, goed sal wees vir ons.

166 Nou, Elía het die magtige rukwinde gehoor, en hy het geweet dit was God daarbuite, of iets wat verbygegaan het. Hy het reëns gehoor, alles. Maar wat hom ontstel het, was toe Hy in daardie stil Stemmetjie gekom het. Hy het Hom sien kom in die reën. Hy het Hom selfs in die vuur sien kom. Hy het die winde gehoor. En hy het die reën gehoor. Hy het die vuur gehoor, en die vuur gesien, en alles. Maar hy was ontsteld toe daardie stil Stemmetjie gekom het. So hy het 'n sluier oor sy gesig geplaas en uitgestap. O, broer, daar's dit.

167 Wat ons behoort te doen, is om ver onderin ons hart te luister totdat ons die Stem van God hoor, dan uitstap soontoe, glo dat dit waar is. Ja, meneer.

168 Ek, maar ek wonder vandag, broer, of ons nie steeds nalaat, om die Heilige Gees onder ons te herken nie. Ek wonder of die mense, in ons gesindhede vandag, of ons nie nalaat om te herken dat hierdie die Heilige Gees is nie. Sien?

169 Nou, ek weet, vir party van julle vreemdelinge, miskien, in die kamp rond vanaand, mag party mense 'n lewe lei wat jou sou skaam maak om self te lewe. Dit mag waar wees. Maar, my broer, suster, hulle het nie waarvan hulle praat nie. Dis reg. Dit is waar. Maar moet julle nooit daarvolgens oordeel nie.

170 Toe ek na Indië toe gegaan het, was daar 'n man wat vir my kon bewys hy kan op 'n skerp pen lê. Een wou in vuur loop. Hy wil al hierdie goed doen, om te wys wat hy kon doen, vir 'n tien sent, of vyf sent, of pennie, wat jy hom ook al gee. Maar, luister, hy het die rol gespeel van 'n skynheilige aan die daarbuite. Maar ver in die binneland, was 'n eerlike persoon, wat dit absoluut gedoen het, en gedink het hulle offer aan 'n god iewers. Maar hy het die rol van 'n skynheilige gespeel.

171 Ons het dieselfde ding. Dis presies reg. Party mans, vroue, net . . . of sogenaamd, probeer net voorgee, en maak asof hulle die Heilige Gees het, en net omdat die res van hulle so maak.

172 Soos ek vertel het, nou die aand. Toe ek die eerste keer op die preekstoel gekom het, het ek—ek daar opgekom, en ek—ek het Dr. Davis dopgehou hoe hy preek. En ek het pas 'n predikerslisensie gekry, so ek het daar opgegaan. Ek het gedink: "Sê, weet jy wat? Ek kan ook so preek."

173 So ek het daar opgekom en my arms geswaai net soos hy het, en *op-en-af* gespring net soos hy het, en ek het net gesê: "Halleluja! Glorie aan God!" En: "Halleluja! Glorie aan God!" En: "Halleluja! Glorie aan God!"

174 En toe, voor jy jou kom kry, toe ek daar afgeklim het, het al die ou vroue gekom en gesê: "O, dis was wonderlik, Billy!"

175 Maar ou Dr. Davis het daar gesit, 'n ou prokureur, julle weet, *so* na my gekyk. Ek het gesê: "Hoe't ek gevaar, Dr. Davis?"

176 Gesê: "Vrot. Slegste wat ek ooit gehoor het." O, goeiste, het hy my afgeblaas! Gesê: "Ek wil jou môremiddag in my studeerkamer hê, twee-uur."

Ek het gesê: "Goed, Dr. Davis."

177 Ek het ingegaan, heel verslae, julle weet. Hy het na my gekyk, gesê: "Ek reken jy voel dat jy my nooit sal vergewe nie, Billy."

Ek het gesê: "Nee. Ek wil weet hoekom."

178 Hy het gesê: "Toe ek die eerste keer die wet begin praktiseer het," het hy gesê: "het ek 'n prokureur dopgehou. En sonder twyfel is dit wat jy ook gedoen het: vir my dopgehou." Hy het gesê: "Want, ek het jou deur elke aksie sien gaan waardeur ek gaan."

179 Hy het gesê: "Maar jy weet wat?" Gesê: "Die rede waarom ek gesê het 'die slegste wat ek al ooit gehoor het,'" hy het gesê: "omdat jy nooit 'n stukkie van die Woord van God gebring het

nie. Jy het net gehuil, en gesnork, en gekwyl, en aangegaan." Gesê: "Jy het nooit enigiets oor die Woord gesê nie," gesê.

180 En so het hy gesê: "Ek het daar opgegaan en probeer deurgaan en die skeisaak bepleit. En ek het gesê: 'Hierdie arme vroutjie! Boe-hoe! Arme vroutjie! Boe-hoe!' Aangegaan soos daardie."

181 En gesê: "'n Ou advokaat het daar oorkant gesit en *so* gekyk, vir omtrent 'n halfuur, tot ek klaar was met slaan en huil, tot ek amper my stem verloor het." Gesê: "Die ou advokaat het gesê: 'Regter, Edelagbare. Hoeveel van hierdie onsin sal u hof nog verduur?'"

182 Hy het gesê: "Ek het gesê . . . Ek het na die ou advokaat toe gegaan, en hy het vir my gesê. Hy het gesê: 'Weet jy wat? Jy het 'n klomp geraas gemaak en alles. Jy's—jy's dit, beslis. Maar,' gesê: 'jy het nie enigiets van die wet uitgebring nie. Dit verg die wet om die saak te verslaan.'"

183 Broer dis wat ek vanaand ook dink. Dit moet dieselfde ding wees, broer. Maak nie saak hoeveel geleerdheid, intellektueel, en wat ons ook al nog het nie, daar moet ook krag en demonstrasie van die Heilige Gees wees om te bewys dat dit God is, wat jou lewe sal regmaak, wat dieselfde Lewe sal voortbring en doen wat Jesus Christus gedoen het. Amen.

184 Belowe in die laaste dae dat Hy sou . . . "Dit sou Lig word teen die aandtyd." Die profeet het dit belowe. Ons let op dat die lig geografies opkom in die ooste en ondergaan in die weste. En dieselfde son wat opkom in die ooste, is dieselfde son wat ondergaan in die weste. Ons weet dis waar.

185 Nou, waar het die beskawing begin? In die ooste. Dis reg. Dit het gereis saam met die son, en nou is dit by die Weskus. Dit enigsins verder gaan, gaan dit weer terug na die ooste. Die ooste en weste het ontmoet, beskawing. Ons wil hê julle moet hierna oplet net 'n oomblik.

186 Nou, onthou, die profeet het gesê: "Daar sal 'n dag kom wat dit nie lig of donker sou wees nie, 'n somber dag. Maar teen die aandtyd, sal dit Lig word." Nou let op. "Dit sal Lig word teen die aandtyd."

187 Nou, die Seun van God het Sy geregtigheid en krag op die oosterse mense geskyn omtrent negentienhonderd jaar gelede. En daar het 'n tydsbestek gekom wat ons intellektuele leringe gehad het. Ons het 'n groot tyd gehad. Ons het organisasies gemaak. Ons het groot werk gedoen, wat goed is. Dis net 'n somber dag.

188 Ek reken julle kry hulle nie hier in Phoenix nie, maar in die ooste kry ons hulle, soort van bewolk, genoeg lig om rond te beweeg; maar die son skyn nie. Iewers skyn dit, want jy . . . Dit sou nie lig gewees het as dit nie geskyn het nie. Maar dis nie

heeltemal die goeie sonlig nie. Maar dan in die aandtyd, sal die wolke wegrol, en dieselfde son wat in die ooste geskyn het, skyn in die weste.

189 Toe het dieselfde Jesus, dieselfde Heilige Gees wat destyds op die oosterse mense geval het, afgekom deur die dag van organisasie, en hier in die laaste dag geval, om die Lig te skyn op die westerse horison. Dis dieselfde Jesus, dieselfde ding, dieselfde liefdevolle Een.

190 Hy is hier vanaand in die vorm van die Heilige Gees. Kom! Hy's—Hy's die onveranderlike God. Hy kan net nie verander word nie. Nee. Hy kom op onverwagse maniere, om wonders te doen, verskillende maniere, om Sy wonders te doen. Geheimsinnige maniere, liewer, om Sy wonders te doen.

191 Maar onthou, Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens." Niemand kan dit betwyfel nie, maar wat Hy gesê het: "Soos dit was in Sodom." Nou, in Sodom, dit was net voor die vuur geval en Sodom en Gomorra verbrand het. En nou is ons net voor die tref van daardie middernagtelike uur, vir die tweede Koms van Christus, en die wêreld wat verwoes moet word deur vuur.

192 Wat het gebeur? Daar was drie klasse mense in daardie dag, en daar's drie klasse mense vandag. Eerstens, was daar die Sodomiete; die wêreld. Daar was Lot en sy mense; die kerk, formele, intellektuele tipe. En daar was Abraham en sy groep; Abraham en sy groep, wat daarbo gesit het, die Uitverkore en uitgeroepte Kerk.

193 Onthou, nou, daar was drie groepe. Die Sodomiete; sondige, bose wêreld soos vandag. Daar was die kerklidmaat, louwarm, koud; Lot, sy groep. Daar was Abraham, die uitgeroepte daaruit, en hierbuite in die woestyn gesit het, die moeilike dinge verduur het. Reg. En die Here het afgekom in die vorm van 'n Man, die Woordvoerder van hierdie drie Engele wat gestaan het.

194 Nou, iemand het vir my gevra, gesê: "Broer Branham, jy glo nie dit was God nie?"

195 Ek het gesê: "Dit was God. Want, nou, luister. Abraham het Hom genoem, hoofletter H-e-r-e. En enige student weet dat daardie hoofletter H-e-r-e Elohim is, wat God is."

196 Hy het gesê: "Wel, hoe sou Hy ooit . . . " Ek het gesê . . . Hy het gesê: "God, wat eet?"

197 Ek het gesê: "Sekerlik." Ek het gesê: "God het net oorgereik en 'n handvol-vol kosmiese lig gekry, en wat ook al Hy nog moes bymekaarmaak, en bietjie petroleum, en kosmiese lig, en—en bietjie kalsium, en kalium. Hy het gesê: 'Whew! Stap daarin, Gabriël. Whew! Stap daarin, Migael.' En Self daarin gestap."

198 Hy is God. Julle sien nie Wie Hy is nie. Hy's die onveranderlike God. Ek is bly ek het geloof in Hom vanaand, dat

eendag wanneer my lewe, my liggaam met sy sestien elemente, terug sal wees in die stof van die aarde. Maar Hy sal sê: "William Branham," en ek sal voortkom. Hy sal die asem van die lewe daarin blaas, sê: "Daar is jy." Hy sal die geboorte—geboorte omseil van deur my moeder, ensovoorts.

199 Soos Jesus, met Sy eerste wonderwerk, het Hy water in wyn verander. Dit sou uiteindelik wyn geword het, maar Hy het daardie hele prosedure omseil, en gesê: "Verander die water in wyn."

200 By die opstanding, sal Hy nie sê: "Mnr. en Mev. Branham trou weer en bring William voort," nie. Hy sal spreek, en ek sal voortkom. Amen. Dis Hy. Hy's God.

201 Sekerlik, Hy het. Daar na Abraham toe geloop. Nou, kyk wat Hy nou gedoen het.

202 Onthou, Hulle het soontoe gegaan, twee van die Engele het afgegaan en in Sodom gepreek. Is dit reg? Hulle het 'n diens daaronder gehou. Maar wat het Hulle gedoen? Hulle het nie te veel wonderwerke gedoen nie, maar wat het Hulle gedoen? Hulle het daardie Sodomiete met blindheid getref.

203 En nou het ons daardie selfde engele wat vir die formele kerk preek vandag: 'n Billy Graham, ensovoorts. En wat verblind die wêreld? Is die Woord. En die verkondiging van die Woord, dit verblind die ongelowige.

204 Maar hou hierdie Uitverkorenes, uitgeroepte Kerk dop, hierdie Engel wat daar met Abraham gepraat het.

205 Hy, onthou nou, sy naam was Abram tot net 'n paar dae vantevore. En sy vrou se naam was Sarai, S-a-r-a-i. Maar, hy, God het Abraham in 'n Gees-vorm ontmoet, en Hy het sy naam verander van Abram na Abraham, van Sarai na Sara.

206 En hou nou hierdie Engel dop, stof op Sy klere, en Hy het gesê: "Abraham, waar is jou vrou, Sara?"

207 Ek wonder. Abraham moes gesê het: "My—my leiding was reg. Ek het net iets gevoel. Daardie Kêrel was anders."

Hy het gesê—gesê: "Sy's in die tent wat daar agter U is."

208 Hoe het Hy geweet hy het 'n vrou gehad? Hoe het Hy geweet sy naam is verander? Hoe sou Hy dit geweet het, sy, hierdie toestande? Gesê: "Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe." Hoe sou Hy selfs geweet het Abraham is getroud? Sien? "Waar is jou vrou, Sara?"

209 Hy het gesê, kyk nou: "Ek," daardie persoonlike voornaamwoord daar: "Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe." Julle sien Wie dit was. Sien? Julle sien Wie dit was. En Hy—Hy het gesê . . .

210 En Sara, in die tent, het gesê: "Hoe kan ek?" Sy het gelag. Met ander woorde, giggeltjie, by haarself, julle weet, gesê: "Nou kyk. Hoe kan ek weer plesier hê?"

211 Abraham was 'n honderd jaar oud, en die Bybel spel dit duidelik daar uit nou, dat hulle albei baie oud en afgeleef was. En dit was lankal nie meer op daardie manier met Sara nie. Abraham, sy liggaam so goed soos dood. En haar baarmoeder was verdroog en dood, vir jare.

212 "Ek gaan jou besoek volgens die lewe, tyd van die lewe, en jy gaan hierdie kind baar."

213 Nou, let op, voor afsluiting. En Sara het gelag, gesê: "Hoe kan dit ooit wees? Ek, en oud soos ek is, weer plesier hê, en my heer ook." Nou let op, dis die klein "h" daar: "heer," Abraham. "Hy wat ook oud is."

En die Engel het gesê: "Hoekom het Sara gelag?" O, goeiste!

214 Nou, onthou, Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, en in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens."

215 Wat is dit? Dis God, die Heilige Gees, wat onder menslike vlees woon, in hierdie gereinigde voorwerpe, wat die Seun van God se Bloed gereinig het, deur geloof; en God wat in hierdie voorwerpe woon, wat die werke van Jesus Christus doen en voortsit, wat Hom dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid maak. As ons deur die Heilige Gees gedoop is in die Liggaam, dan word ons die Liggaam van Christus. Dan word ons opgewek saam met Hom. Toe Hy opgestaan het, het ons ook saam met Hom opgestaan in die opstanding. Want, Hy is die Hoof, en die Hoof en die Liggaam is bymekaar. Dan, vandag, is Christus in die Kerk, in jou, en Sy werke wat Hy eenmaal gedoen het. Johannes 14:12: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Dis reg. Hebreërs 13:8: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Sien daar?

216 Mense verwag nie dat dit so moet wees nie. Hulle verwag dat ons 'n klomp ongeletterde mense moet wees, nie eers weet waarvan hulle praat nie. Hulle glo dit moet een of ander soort domkoppe wees. Maar ons—ons mag wees, op die manier waarvan hulle praat.

217 Maar ons het die Heilige Gees aanvaar op die manier wat God Dit uitgestort het, en het dieselfde resultate gekry wat hulle destyds daar gekry het, so dit bewys dat Hy is. Hy's die onveranderlike God. Ons kry dieselfde resultate. Amen.

218 My eie ma, toe sy sterwend was, het sy gesê: "Billy, jy het . . . " Ek het haar baie jare gelede gedoop. Sy het gesê: "Jy was soort van 'n geestelike gids vir my, Billy."

Ek het gesê: "Ma . . . "

219 Julle weet, ons mense is Katoliek. En ek het gesê . . . Toe ek die eerste keer geweet het dat God God was, ek het dit my hele lewe lank geweet, van 'n klein seuntjie af, maar my mense het nooit kerk toe gegaan nie. En ek het afgegaan en met die priester gaan praat, en hy het gesê: "*Hierdie* is die kerk. *Hierdie* is die weg."

Ek het gesê: "Wel, die Bybel? Kon ek . . . ?"

220 Gesê: "Nou, jy sal heeltemal verward raak. Sien? *Hierdie* is die kerk. God is in Sy kerk. Jy moet die kerk glo."

221 Wel, ek het na die Lutherane toe gegaan, en hulle het gesê: "Ons is die kerk. Ons is die liggaam van gelowiges."

222 Na die Metodiste toe gegaan. Hulle het gesê: "Ons is liggaam van gelowiges."

223 Ek het na 'n Baptis toe gegaan. Hulle het gesê: "Nee, hulle is almal verkeerd. Ons is dit."

224 Ek het gedink: "Wat gaan hier aan? 'n Kerk is 'n liggaam van mense. En *hierdie* een sê op *hierdie* manier. *Hierdie* een sê op *hierdie* manier. En *hierdie* manier, en *daardie* manier, en *daardie* manier. Iets moet verkeerd wees.

225 So ek het gesê: "Ek het reguit teruggegaan na die Bybel toe, mamma, en net presies gelees wat daardie eerste kerk gedoen het. En die manier waarop hulle dit gedoen het, dis hoe ek dit ook gedoen het, en het dieselfde resultate gekry." Ek het gesê: "Prys God. Dis goed genoeg vir my."

226 Solank ek dieselfde resultate gekry het, sien ek dieselfde Jesus. Ek sien dieselfde God wat gewerk het in die Ou Testament, in die Nuwe Testament, af in die pre-Niceense raad. Hy het daarbinne gewerk tot die koms van die Rooms Katolieke kerk wat leerstellinge aanvaar het in plaas van die Bybel, uitgegaan deur die donkereeue, en teruggekom deur Luther, Wesley, en hier na die Loadicése kerktydperk. "En dit sal Lig word teen die aandtyd." God sal 'n Kerk uithaal net so seker as wat ek hier staan. Daar sal wees. En om dieselfde Heilige Gees, deur dieselfde beloftes, dieselfde werke en dieselfde ding te sien doen, geseënd sy die Naam van die Here.

227 Die onveranderlike God sal vir jou dieselfde Heilige Gees gee wat Hy vir hulle daar gegee het, sonder 'n verandering. Hy sal dieselfde dinge doen wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was, vir enige man of vrou wat dit sal glo en dit aanvaar. As jy die Heilige Gees het, hou vas daaraan soos wat Jakob het, en hou daaraan vas totdat positiewe resultate kom. Amen. Glo dit, vriende.

228 En op 'n onverwagse tyd, en miskien op 'n onverwagse plek. Maar as Hy dit sal doen op 'n onverwagse plek, hoeveel te meer behoort Hy dit vanaand op 'n verwagte plek te doen, waar ons verwag om dit te sien gebeur?

Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik.

229 Terwyl julle hoofde gebuig is, en ek vertrou dat julle harte ook gebuig is. Verskoon my dat ek julle so lank gehou het soos wat ek het, tot nege-uur. Maar ek wil julle graag hierdie vraag vra: Julle weet, ons mag nooit weer ontmoet nie. Daglig mag nooit kom môre-oggend, vir sommige van ons, nie. En as dit so sou wees, dat ons nooit nog 'n dagbreek sal sien nie, sal ons weer ontmoet oorkant die rivier? Sou daar. . . Het jy die vrede en die. . . in jou hart, en die versekering, 'n Skriftuurlike versekering soos hierdie mense waarvan ek gepraat het vanaand, dat toe jy God ontmoet het, jy 'n Skriftuurlike ondervinding gehad het? God het jou lewe heeltemal verander, en nou is jy nie net nogsteeds dieselfde persoon, net herbou, blinkgevryf nie, maar jy's 'n nuwe skepsel, 'n nuwe skepping in Christus? As jy nie so is nie. . .

230 Ons het geen staanplek by die altaar, of geen plek nie. Maar ek wil graag vir julle opregtheid vra. As jy wou hê dat ek vir jou moet bid hier, van die preekstoel af, in die wete dat ek jou weer eendag moet ontmoet en my woorde ontmoet wat ek vanaand gesê het, sal jy, met. . . almal met hulle hoofde gebuig en oë gesluit, sal jy net jou hand opsteek en wys, daardeur: "Bid vir my, broer, dat ek—ek so wil wees?"

231 God seën jou, en seën jou. Seën jou, jong dame. God seën jou. Buitekant, enige plek, sit julle hande teen die vensters, waar dit ook al dit is. God sal seën.

232 Steek net jou hand op, in diepe opregtheid, en sê: "God, wees my genadig. Ek—ek wou nog altyd so wees, Broer Branham, maar op een of ander manier, was ek net nog nooit in staat om dit te kry nie."

233 O, dierbare vriend, wil jy nie aan iets vashou nie? Glo my, as Sy dienskneg. Die Heilige Gees is reg. Moenie dat iemand jou ooit Daaruit uitpraat nie. Hou vas aan God se onveranderlike hand, Christenvriend. As jy pas by die kerk aangesluit het, as jy net in water gedoop is, en nog nie gedoop is met die Heilige Gees nie, jy nog nooit werklik geregenereer is nie.

234 Nou, jy sê: "Broer Branham, ek—ek het in tale gepraat, ek—ek het *dit* gedoen, of *dat* gedoen." Nou, ek glo ook daarin. Ek het vir julle gesê. Maar, onthou, jy kan in die Gees dans. Jy kan in tale praat.

235 Ek het die Hindoes dit sien doen. Ek het toordokters in tale sien praat, dit uitlê. En ek het gehoor. Eenkeer in 'n kamp ingegaan, waar daar 'n paar broers was wat daar ingegaan het, en 'n tafel sien uittik in tale, en 'n potlood kom en skryf in onbekende tale; hulle wat dit aflees. Sien? Al daardie dinge, dis, dit kan die duiwel wees.

236 Maar, broer, as jy wel in tale praat, en dan hou jy aan om daardie lewe te lei wat jy eers het, dan is daar iets verkeerd met jou ondervindig. Sien? As jy dit het, as praat in tale net die

enigste ding is waarop jy leun, moet dit nie probeer nie. Jy sal bo-oor die valle gaan, en daardie boot sal dit nooit maak nie. Maar met 'n . . .

237 "Waar daar tale is, hulle sal ophou. Waar daar profesieë is, hulle sal tot niet gaan. Maar as die volmaakte gekom het," o, daardie liefde van God, so ryk en rein, ondeurgrondelik en sterk, dan sal hierdie ander gawes reguit daarmee saamwerk. Sien? Dis gawes van die Heilige Gees wat vir jou gegee word, praat in tale, profeteer, en wat nog, uitlegte. Dis om die Kerk te stig, vir die stigting van die Liggaam. Maar ontvang eers die Heilige Gees, dat jy kan sien dat jou lewe verander is.

238 Nou, daar was omtrent agt of tien hande wat opgegaan het vandat ek gepraat het. Sal daar nog een wees voor ek bid? God seën jou, dame. Wel, God seën jou, suster. Sou daar iemand anders wees? Steek net jou hand op, sê, in diepe opregtheid: "Broer Branham, onthou my." God seën jou daar, broer. Iemand anders? Sê net: "Bid vir my." Ek kan net vir jou bid, my vriend. God seën jou, dame. En God seën jou daar, suster. Nou, Hy sien jou hand.

239 Onthou, Jesus het gesê: "Hy wat My woorde hoor, Hom glo wat My gestuur het, het die ewige Lewe, en sal nie in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe." Ons moet dit glo met ons hele hart. Glo dit net met alles wat in jou is, en God sal sorg vir die res.

240 Hemelse Vader, ons gee nou hierdie gehoortjie vir U. Hierdie gebroke, senuweeagtig-gesproke woorde vanaand, Here, wat hier staan met die gevoel vir daardie mense wat daar staan, en hulle ledemate wat pyn. God, ek eis hulle siele. Die beste wat ek geweet het hoe, Here, om die Woord te bring, my arme nederige manier, watter saadjie ook al daarin was, Vader, saai dit in die harte van daardie mense. En ek eis hulle siel, dat dit nie verlore sal gaan nie, maar dit oorkant sal verskyn op die dag van die opstanding. Skenk dit, Here.

241 U is God. Daar's geen ander God as U nie. Die heidene het beelde. Ons het 'n lewende God, die enigste ware lewende God. Ons kan aan U dink, Vader, wat oorkant in Ewigheid sit, miljoene maal helderder as 'n tienbiljoen sonne. O God, skyn! U Wat die wêrelde kon maak, die groot sonnestelsels in die hemele kon sit, en—en dan kon afkom om 'n sondaar te red, genoeg geïnteresseerd om hier te wees in hierdie tabernakeltjie vanaand by hierdie Christenmense. Want, Jesus het vir ons die Woord gegee, dat: "Waar twee of drie ook al in My Naam vergader is, daar sal Ek in hulle midde wees."

242 Nou, red hierdie mense, Vader. Dis al wat ek weet om U te vra, en ek glo dat U my gebed sal verhoor. En ek bid dat hulle môre by die kerk sal wees, en gereed vir doop, selfs vanaand nog, as hulle nog nooit gedoop is nie. Ek bid dat U hulle sal vul met

die Heilige Gees. Laat hulle vashou aan hierdie regte Waarheid van God totdat die dood hulle sal vrystel. In Jesus' Naam bid ek. Amen.

243 Nou, gehoor, ek wil vir julle een vraag vra, plegtig, gewyd. Binne 'n paar oomblikke sal ons afsluit. Soos ek gesê het, ons mag nooit weer ontmoet nie. Ek hoop ons sal. Maar onthou, ons sal moet rekenskap gee vir vanaand, wanneer ons by die Oordeel kom. Ek sal moet rekenskap gee vir wat ek gesê het, vir wat ek doen. Dit moet alles van rekenskap gegee word, voor God. En as—as ek skuldig bevind word, weet julle wat met my gebeur. Ek sal liewer dat ek as 'n sondaar sterf, maar laat ek nooit as 'n misleier sterf nie. Laat my opreg, eerlik wees.

244 Nou, kyk. As Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid . . . En ek bid dit. Nou, ek weet nie of Hy sal nie. Want, hierdie is net 'n klein gehoortjie mense . . . En daar's mense wat staan, en dis tyd. Ek's ver oor die tyd. Dit sou moeilik wees om 'n gebedsry hierbo deur te laat gaan, maar ek gaan vir julle bid in die gehoor. Maar laat . . . Ek bid dat God jou iets sal gee waarop jy jou hande kan lê, soos Jakob gehad het; jy dit nog nooit gehad het nie, iets waarop jy jou hande kan lê.

245 Nou, aan julle mense daarbuite wat ly, ek het met julle gepraat van 'n Engel wat afgekom het, wat God was wat gemanifesteer was in 'n menslike liggaam, wat Hy gemanifesteer is in ons as ons gelowiges is. En toe, toe Hy Sy rug gedraai gehad het, Sara . . . Hy het verstaan wat Sara gesê en gedoen het in die gehoor.

246 Toe eenkeer, dit duideliker te maak vir julle, wat Hy deur 'n—'n skare mense gegaan het, en daar 'n vroutjie was wat waarskynlik net so teleurgesteld sou wees as enigiemand hier.

247 Ons gewoonlik . . . Gisteraand het ons 'n klein roerinkie gekry. En ons het soveel mense gehad om voor te bid, ons het die seun gevra om 'n paar gebedskaarte uit te deel terwyl ek nog gepreek het. En so kom hulle partykeer heen-en-weer, en heen-en-weer. En julle wil almal Sondagskool toe gaan. Iemand het vir my buite gesê, gesê: "Laat vroeg uitkom, want hierdie mense moet ver ry en terugkom vir Sondagskool."

248 Ek wil daardie belofte hou. Ek het gesê: "Ek sal. Ek sal dit doen." Sien? En ek—ek wil hê julle moet vashou. As . . .

249 Die hoofsaak, is, kry 'n houvas op iets wat werklik is. Hoeveel glo dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

250 Dan, as—as ek vir julle gesê het die gees van John Dillinger het op my gekom, sou ek 'n gevaarlike persoon wees om by te wees. Ek sou gewere hê en 'n misdadiger wees. As ek vir julle gesê het die gees van—van 'n groot kunstenaar was op my, sou julle van my verwag om die skildery te skilder soos daardie kunstenaar kon. As ek vir julle gesê het die gees van—van—van Houdini was

op my, die ontsnap-kunstenaar, sou julle van my verwag het om die dinge te doen wat hy het. As ek vir julle gesê het die gees van een of ander groot musikant was op my, sou julle van my verwag om daardie note net op 'n manier aan te raak, omdat sy gees op my was. Sien?

251 As ek vir julle sê dat die Gees van Christus op my is, doen dan die werke van Christus. Christus het gesê dat God in Hom was. "God was in Christus, om die wêreld met Homself te versoen." Ons weet dit almal, dat God Homself in Christus verteenwoordig het, om die wêreld met Homself te versoen. Hy was Emmánuel. Jesus het gesê: "Dis nie Ek wat die werke doen nie. Dis My Vader wat in My woon, Hy doen die werke."

252 En in die verbygaan, met daardie selfde Gees in Hom, het 'n vroutjie die soom van Sy kleed aangeraak. Nou, Hy het dit nie fisies gevoel nie. Julle weet Hy het nooit. Beslis nie. Want, die Palestynse kleed, as enigiemand weet, dit het 'n onderrok, en 'n groot los kleed wat *so* afgang. So Hy het nooit aangeraak . . . Hy sou . . . Sy sou nooit gehad het . . . Hy sou dit nooit gevoel het, en almal om Hom nie. Maar sy het Sy kleed aangeraak met geloof.

253 Blinde Bartiméüs het Sy kleed aangeraak eendag, by die poort, want Hy sou nooit daardie uitroep gehoor het nie.

254 Party van hulle wat gesê het: "Haai, Jy, wek die dooies op. Daar's 'n hele begraafplaas vol van hulle hierbuite. Kom, doen dit," en Hom bespot. En die priesters en alles: "Kom, doen *dit,* en doen *dat.*" Hy het nooit 'n woord gesê nie.

Maar 'n blinde bedelaar: "O God!"

En Jesus het gestop. "Bring hom hiernatoe." Sien? Sien?

255 Daardie vroutjie het gesien sy kan nooit Sy aandag trek nie, as gevolg van al die rabbi's en priesters en almal om Hom, en almal. En sy het Sy kleed aangeraak. En Jesus het gestop, gesê: "Wie het My aangeraak?"

256 En Petrus het Hom omtrent bestraf, gesê: "Wie het U 'aangeraak?' Almal raak U aan. Hoekom nou so-iets sê?"

257 Hy het gesê: "Maar Ek het gevoel dat deug, krag My verlaat het. Iemand het 'n sekere aanraking gehad."

258 En Hy het oor die gehoor heen gekyk totdat Hy die vroutjie gevind het. En wat was haar probleem? Sy het 'n bloedvloeïng gehad. En as sy genoeg geloof gehad het om God aan te raak, het dit 'n reaksie van Jesus uitgelok. En dan as Christus in ons is, gesalf met die Heilige Gees, sal julle selfde begeerte nie dieselfde ding aanraak nie?

259 Nou, ek wil vir julle predikers iets vra. Sê die Bybel, dat: "Jesus Christus die Hoëpriester is, op hierdie oomblik, wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakheid"? Is dit reg? [Die predikers sê: "Dis reg."—Red.] Hoeveel weet dat dit die waarheid is? ["Amen."] Die Bybel het dit gesê, die Nuwe

Testament. "Hy is net nou 'n Hoëpriester wat geraak kan word deur" wat "die gevoel van ons swakheid."

260 Wel, hoe sal jy dan weet jy het Hom aangeraak? As Hy dieselfde is gister, vandag en tot in ewigheid, sal Hy dieselfde optree as wat Hy gister het. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

261 Wel, nou, Hy het geen hande op aarde, behalwe myne en joune nie. Sy stem op aarde, is ons s'n; ons stem is vir Hom gegee. Dis hoekom ons die Evangelie verkondig. Ons glo dis nie ons nie. Ons word geïnspireer om daardie dinge te preek, die Heilige Gees wat deur ons praat. Sien? Ons glo nie dis ons wat dit kan doen nie. Natuurlik nie. Ek weet ek kon nie. En—en ons—ons weet dis die inspirasie van die Heilige Gees.

262 As 'n man dan iets preek wat teenstrydig is, die Woord ontken; hoe kan die Heilige Gees dan die Woord skryf, en omdraai, Dit deur 'n man ontken? Hy kan dit nie doen nie. Dit moet die Woord wees. Dit moet voortkom net soos wat dit geskryf is, net presies.

263 Nou, as "Hy die Hoëpriester is." Kom ons hou daardie een Skrif, vat net dit. As Hy 'n Hoëpriester is, wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakheid, dan sal die enigste manier wees wat jy ooit sal weet, sou Hy. . . As Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, sal Hy net presies so optree as wat Hy het toe daardie vrou Hom aangeraak het.

264 En dan, as ek Sy dienskneg is, en Sy Gees is in my, kan jy Sy kleed aanraak waar jy ook al is. Dit sou nie. . .

265 My kleed sou geen verskil maak nie. Ek's 'n mens, 'n sondaar gered deur genade. Maar niks meer as jou vrou, jou man, of broer, wie dit ook al mag wees, jou pastoor nie. Almal van ons, ons is dieselfde. Maar Hy is die Hoëpriester. Ek's nie die Hoëpriester nie. Hy is.

266 Julle my aanraak, sal dit glad nie help nie; maar om Hom aan te raak, sal. Maar as ek myself kan onderwerp aan Hom. . . Ek's net soos hierdie—hierdie mikrofoon hier. Hierdie mikrofoon is 'n absolute stomme totdat iemand daarin praat. Is dit reg? [Gemeente sê: "Dis reg."—Red.]

267 Wel, dan, ek ken nie een van julle daarbuite nie. En as ek Dit sou sien bokant party van julle wat ek wel ken, sal ek niks sê nie. Ek ken vir Broer en Suster Dauch wat net daar sit. En ek glo hierdie is die Griekse broertjie hier van Griekeland, wat ek—wat ek nie aan sy naam kan dink nie, David. En buiten dit, dink ek is die. . . hierdie mense net hier, reg, hierdie drie of vier meisies net hier in die voorste ry, ek ken hulle, want hulle is van Georgia en oorkant in Tennessee. Hulle kom na my kerk toe. Party van daardie mense ry vyftienhonderd myl op Sondag, elke Sondag wat ek preek. Buiten dit, dink ek Suster Evans sit net hier, en Suster Ungren en hulle, Broer Evans, wat net *daar*langs sit.

268 Nou vra ek julle mense. Hoeveel hierbinne wat siek is, en weet dat ek julle nie ken nie, niks van julle af weet nie? Steek julle hande op. Hê geloof.

269 Nou, Hemelse Vader, U ken my hart. En ek—ek—ek kom nie hiernatoe, om 'n platvormskou van U te maak nie, Here. U hoef dit nie te doen nie. As U dit nie wil doen nie, Vader, dit nie in U Goddelike wil is nie, sny dit dan net af, vir hulle. Ons voel dat die Heilige Gees hier was en ons geseën het.

270 Maar siende dat ek gepraat het oor daardie onderwerp: "Ek is God, en verander nie." Dan, toe U hier gewandel het in 'n menslike vorm, op aarde, Emmánuel, het 'n vroutjie eendag die kleed aangeraak, en sy het so 'n geloof gehad, dat Hy dit gevoel het. En U Woord sê, Vader, dat, vanaand, dat Jesus, U Seun, ons Hoëpriester is, en Hy steeds aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakheid.

271 Daar is diegene hierbinne wat siek is. Ek bid, Vader, dat U hulle sal toelaat, ten minste een of twee, of iets hierbinne, Here, dat die mense iets kan hê om aan vas te hou, soos Jakob, en weet dat dit die Heilige Gees is, en dit nooit sal laat los tot hulle geseën is nie. Mag, as U dit net sal doen, Here, elke siek persoon 'n houvas sal kry op daardie selfde belofte, en reg daarby sal bly totdat hulle verseker is in hulle hart dat die sëening van God op hulle rus.

272 Nou, vertrou ek hierdie gehoor, myself en die Boodskap aan U toe, vir U werke. Dis bokant wat ek kan doen, of enigiemand kan doen, van hier af, Here. Dit moet U wees, so bewys Uself as teenwoordig, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, die onveranderlike God. In die Naam van Jesus Christus, vra ek dit. Amen.

273 Ek voel nie Sy Gees nie, sien, op daardie manier nie. Dis 'n gawe. Dit beteken nie Dis enigsins meer Heilige Gees as wat 'n klein kindjie sou hê nie. Dis net 'n gawe wat saam met die Heilige Gees gaan, om die Woord te laat lewe. Nou, hierdie, jy hoef nie . . . As Hy dit sou doen, hoef julle nie bekommerd te wees nie. Dis—dis die Woord gemanifesteer. Dis die Woord gemanifesteer.

274 Nou, ek wil net hê dat elkeen van julle mense dit in julle harte sal dink. Dink net—net hierdie. Julle hoef dit nie hardop te bid nie. Bid net by jouself. "Here, ek's seker Broer Branham weet niks van my af nie. Hy ken nie my siekte nie. Hy weet niks van my af nie. En ek probeer nie daardie prediker aanraak nie. Maar hy het ons so mooi verduidelik dat U 'n Hoëpriester was, en ek het dit gelees. En ek—ek vra U, laat hom net met my praat, soos wat Jesus gepraat het met die vrou by die . . . wat Sy kleed aangeraak het. En net . . . "

275 Of, as jy nie siek is nie, sê: "Here Jesus, laat . . . Ek was nog altyd 'n bietjie skepties hieroor, of enigiets in die bonatuurlike. Maar ek sou baie graag iets wou gehad het om my hand op te

lê. So laat hom praat met *So-en-so* hierbinne. Ek bid vir hom of haar. Laat—laat hom spreek soos dit. Ek sal glo." Dit sal alles van julle af wegneem. Dit sal iets wees waarop julle julle hande kan lê, soos Jakob, en sê: "Dit is dit." Hy het 'n houvas op God gekry, eenkeer, en gesê: "Hier is ek. Ek kan dit vashou."

276 Sal dit julle almal laat glo? As jy sal, steek jou hand op. Sê: "Sal net—net geloof in my laat posvat," reg rondom: "as ek sien dat dit gedoen word." God seën julle.

Ek sê nie dat Hy sal nie. Ek vertrou dat Hy sal.

277 Eenkeer, van 'n berg afgekom, het Hy gesê: "Alles is moontlik, as julle net kan glo," vir die epileptiese seun se pa. As ons net kan glo! Iemand wat siek en behoeftig is, glo. Glo met jou hele hart. "As julle kan glo, is alles moontlik."

"Waarvoor sê jy wag jy, Broer Branham?"

278 Elkeen hierbinne, sonder twyfel, ek was al soveel keer in Phoenix, het Dit gesien, 'n boodskap soos hierdie preek. Maar, Dis 'n Lig. Hulle het die foto Daarvan. Enige, omtrent die meeste van julle, het al die Lig gesien. Het julle nie? Julle het Dit op die foto's en dinge. Waar, Dis in Washington, DC. Hulle het Dit weer nou die dag afgeneem. Sien? Dit getuig van Ditself, is die Vuurkolom wat die kinders van Israel gelei het deur die woestyn.

279 Daardie Vuurkolom het vlees geword en onder ons gewoon. Jesus het gesê: "Ek kom van God af, en Ek gaan na God toe." Na Sy opstanding het Hy opgevaar in die Hoogte.

280 En toe Hy het, het Hy Paulus ontmoet op die pad na Damaskus, en Hy was weer 'n Lig. Paulus kon Dit sien. Die res van hulle kon Dit nie sien nie. Dit het hom selfs verblind. Hy was blind. En hy het gesê hy het hierdie Lig daar gesien, wat skyn soos die son. Hy het gesê: "Here, Wie is U?"

281 Hy het gesê: "Ek is Jesus. En dis hard vir jou om teen die prikkels te skop."

282 Nou, daardie selfde Lig, die foto Daarvan, as dit die Lig is, as dit dieselfde Vuurkolom is, dieselfde Jesus wat op die pad na Damaskus was, Paulus, sal Dit dieselfde werke doen. Dit moet.

283 Hier is Dit. Prys die Here. Dank U, Here Jesus. Laat Satan nóú iets probeer sê!

284 Hierdie dametjie wat hier sit met die blou rok aan, met sinusprobleme, in gebed, glo jy met jou hele hart en dit sal jou verlaat. Sal jy dit glo? Goed dan, jy kan dit kry. Ek het nog nooit die vrou gesien, haar nog nooit in my lewe gesien nie. Daardie goed is waar, is hulle nie, dame? As hulle is, steek op jou hand, heen-en-weer. [Die suster sê: "Hulle's waar."—Red.] Jy het daaroor gebid: "Here, laat hom . . . " Hê geloof.

285 Hier sit 'n gawe dametjie, wat net hieragter sit, met 'n pelsjassie of iets aan. Daar's daardie Lig. Kan julle dit nie oor

daardie vrou daar sien hang nie? Daardie vrou is in 'n ernstige toestand. Ek ken haar nie, haar nog nooit in my lewe gesien nie.

286 As ons vreemdelinge is, steek jou hand op. Maar, luister. Is dit nie waar nie, 'n baie snaakse gevoel is rondom jou, baie liefdevolle, nederige gevoel? Dis daardie Lig. Ek kyk reguit Daarna. Hier. Jy het gewas. Nie net gewas nie, maar gewasse. Hulle is oraloor jou. Dis reg. Is dit nie? Glo jy? God genees jou en maak jou gesond. Hê geloof.

Glo julle?

287 Hier, 'n dametjie het haar hand opgesteek, net *hier*agter, wat agter hierdie kind sit, in 'n rolstoel. Ek ken nie daardie dame nie. Ek het haar nog nooit gesien nie. Ons is vreemdelinge. Is ons nie, dame? Maar jy bid vir hartprobleme, dat God jou sal genees. As dit reg is, wuif jou hand soos *hierdie*. Jesus het jou genees. Gaan huistoe en word gesond.

288 Glo julle nou met julle hele hart? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] "As julle kan glo, is alles moontlik." Hê geloof. Moet dit nie betwyfel nie. Glo net met julle hele . . .

289 Hier sit 'n vrou net *hier* oorkant, wat net sit, 'n paar vroue van Mev. Sharritt af. Sy sit daar, in gebed. Sy het artritis. Glo dit, dame. Glo jy dit? Goed. Ontvang dit.

290 "Dit sal Lig word teen die aandtyd." Die Bybel het gesê dit sou wees. Die onveranderlike God!

291 Sê my vir Wie hulle aangeraak het. Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Ek, plegtig, met beide hande op, ek het nog nooit vantevore daardie mense gesien nie, weet niks van hulle af nie. Maar Hy Wat nou teenwoordig is, jy kon nie jou lewe wegsteek as jy moes nie. Dis reg. Hy is hier. Hy is Christus. Dis werklik. Dis Sy belofte, dieselfde God. Kan jy nie 'n houvas daarop kry nie? Gryp dit vas en sê: "Dis myne. Ek glo nou."

292 Hemelse Vader, ek bring hierdie gehoor na U toe, hierdie siek mense. Hulle is behoeftig. Soos ons gisteraand aangehaal het, daar was eenkeer 'n skaapwagtertjie, met die naam van Dawid. Hy is 'n opdrag gegee, om sy vader se skape op te pas. Daar is baie van die skaapwagters wat vanaand hier ook sit, Here. En hy het nie te veel gehad om homself mee te beskerm, en die skape mee te beskerm, behalwe net 'n slingervel nie. Dit was genoeg. Eendag het 'n leeu ingekom en een van sy skape gevat, dit weggedra. Dawid het geweet dat die God van die Hemel met hom was, en hy het sy slingervel gegryp en agter die skaap aangegaan. En hy het die leeu doodgemaak, hom neergefel met die slingervel, en die skaap lewendig teruggebring.

293 Vader, siekte, die duiwel, meer as leeu, het baie van U skape gevang. Ek het 'n slingervelletjie hier; dit word gebed en geloof genoem. Dis nie veel om na te kyk, teenoor die wapens van

mediese wetenskap nie. Maar, God, rig U hierdie gebed op daardie plek daar.

294 Satan, laat hulle vry. Ek kom agter daardie skape aan. Laat hulle vry. Ek bring hulle weer terug na Vader se weiveld vanaand.

295 In die Naam van Jesus Christus, bestraf ek elke duiwel van siekte, en dryf hulle uit hierdie mense uit. En mag hulle vry gaan, van hierdie uur af aan, deur die Naam van die Here Jesus Christus.

296 Almal wat julle genesing glo, staan op julle voete, en sê: "Ek aanvaar nou my genesing. Ek lê my hande Hierop, dis Christus, en ek glo dit met my hele hart."

Julle pastoor.

Die Onveranderlike God Wat Op
'n Onverwagse Manier Werk AFR62-0120
(The Unchangeable God Working In An Unexpectable Way)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdagaand, 20 Januarie 1962, by die Westwood Gemeente Van God in Phoenix, Arizona, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2018 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org